

2004:01

MATIELAND



Home of STIAS

Herleef Matie-wees
...enige tyd, wêreldwyd



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

021 887 4740



www.annabasson.co.za
info@annabasson.co.za

STELLENBOSCH

UNIEPARK P.O.R



Unbelievable views! 4 Bedr, 3 bathr, study, flat and wine cellar. Excellent finishes!

MOSTERTSDRIFT P.O.R



SOLE MANDATE

For the executive buyer! Elegant, 4 bedr home in up-market security complex.

VALLEY LUSTRE R3,3m



Aangrensend aan berge. Pragtige uitsig. Ideale woonhuis vir onthaal. (BTW ing.)

WOONSTELLE & DORPSHUISE

R535 000
Amadeus
- Op Kampus
- 'Bachelor'



R825 000
Twee Pieke
- 2 Slpk
- Nuut oorgedoen



R795 000
La Colline
- 3 Slpk
- Gerestoureer



R795 000
Nouveau
- 3 Slpk
- Goeie huur-inkomste



R850 000
Simonsrust
- Sekuriteit
- 2 Slpk
- Motorhuis



R915 000
Berg en Dal
- 4 Slpk
- Goeie huur-inkomste

DE EIKE - WELGEVONDEN

GOLF ESTATE R3,2 M



SOLE MANDATE

Secure complex. Stunning views. Prices from R832 500. 3 Bedrooms, 2 bathrooms, double garage.



For the connoisseur! Enjoy excellent finishes, views and security. 4 Bedrooms, 3 bathrooms (Size: 400+ m²).

SMALLHOLDING R2,8 M

SHOPPING LIST

FARM R6,959 M



3 Bedroom thatched home with lapa, big garden and beautiful views on Stellenbosch mountains.

105 Ha Hermanus: (Hemel & Aarde). Huis & buitegeboue. Goeie wingerd-grond. **R4,0 M**
2 Ha Bonniemile: Met riviergrens. Florerende gastehuis bedryf. **R4,2 M**
14 Ha Panoramiese uitsig op STB berge. Gevestigde wingerd. **R5,8 M**
5 Ha Blaauwklippen: Moderne huis met kothuis. **R6,9 M**
9 Ha Jonkershoek. Riviergrond. Herehuis met 2 kothuise. Uitsig op Pieke. **R8,5 M**



7.8 Ha with a main house and 4 other units. Big rolling lawns, dams and abundant bird life. Perfect for guest farm.

Farms and Smallholdings: Danie Du Toit 082 574 7744 or Naudé Jordaan 082 554 5862

Voorblad: Na meer as drie eeue is die historiese opstal Mostertsdrift in 1996 deur die Universiteit bekom en is tans die tuiste van SIGNA (kyk berig op p. 20)

Foto: Anton Jordaan

Die Universiteit se oudstudente en donateurs ontvang *Matieland* gratis

Redakteur: Douglas Davis

Redaksielkantoor:

Bemarking en Kommunikasie

Privaat Sak X1, Matieland, 7602

Tel: 021 808 4639 Faks: 021 808 3800

e-pos: dd@maties.sun.ac.za

Sirkulasie:

Malena Fourie, Stellenbosch Stigting

Privaat Sak X1, Matieland, 7602

Tel: 021 808 4843 Faks: 021 808 3026

e-pos: alumni@maties.sun.ac.za

Gepubliseer sedert 1957

Jaargang 46 02:2003

ISSN 0025 5947

Voorbladontwerp en uitleg:

Heloise Davis

Universiteit Stellenbosch Drukkery

e-pos: hmd@sun.ac.za

Druk: Universiteit Stellenbosch Drukkery

Front cover: After more than three centuries historic Mostertsdrift in 1996 passed into the hands of Stellenbosch University and is now home to STIAS (see article on p. 20)

Photo: Anton Jordaan

Matieland is mailed free of charge to the University's alumni and donors

Editor: Douglas Davis

Editorial Office:

Marketing and Communication

Private Bag X1, Matieland, 7602

Tel: 021 808 4639 Fax: 021 808 3800

e-mail: dd@maties.sun.ac.za

Circulation:

Malena Fourie, Stellenbosch Foundation

Private Bag X1, Matieland, 7602

Tel: 021 808 4843 Fax: 021 808 3026

e-mail: alumni@maties.sun.ac.za

Published since 1957

Year 46 02:2003

ISSN 0025 5947

Cover design and Layout:

Heloise Davis

Stellenbosch University Printers

Printing: Stellenbosch University Printers



UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner



Inhoud/Contents

2004#1

Allerlei/Miscellaneous

- 3 Hoofartikel
- 4 Briewe/Letters
- 23 Belgiese prinses besoek kampus
- 33 Nog vroue in hoë poste
- 34 Tweede oudste dokument hier bewaar
- 37 De Villiers, Shaikh en Botha nuut aangestel
- 38 In memoriam

Eerbewyse/Tributes

- 6 Eregrade aan vyf gesiene Suid-Afrikaners
- 24 Drie uitsonderlike presteerders beloon
- 27 Pro Bene Merito-toekenning
- 27 Veelsydige Kanseliersmedalje-wenner
- 28 Akademie vereer kanselier, twee dosente
- 28 Amanda Gouws se wêreldprys
- 28 Hoë eer vir James Fourie
- 29 Presidentstoekenning vir Moolman-Smook
- 35 Rare honour for Wentzel van Huyssteen
- 35 Pieter Verhoef vereer

Alumni

- 30 Heidi in 'n warm verhouding...
- 31 Herleef Matie-wees...

Avontuur/Adventure

- 32 Die plek van die 'Groot Niks'

Community Service/Gemeenskapsdiens

- 18 Petri dish of young scientists

Unistel

- 22 Access to innovation

Mense/People

- 8 Two Maties in Government 'engine room'
- 9 Matie graduate Rwandan Minister of State

Navorsing/Research

- 16 Navorsing kan lei tot kiemdodende middels
- 17 'Natuurlike mielies' gekweek
- 17 Waterblommetjies die hele jaar
- 19 African Renaissance
- 40 A Matie goes walking with fish

Die Kunste/The Arts

- 10 US Museum van onskatbare waarde
- 12 Eie kunsskatte vir ewig bewaar
- 14 'n Formidabele Woordfees 2004
- 15 Tanya committed to Chopin

Akademies/Academic

- 20 Historic Mostertsdrift at the core
- 26 Geskiedenis quo vadis?

Sport

- 36 Mannetjies Roux verewig
- 36 Oudmatie se 'ongewone' eerste

*'n Verskeidenheid dienste word hier
gelewer deur 'n goed opgeleide en
gemotiveerde personeelkorps.*



konsultasie

ontwerp en uitleg



skandering

prosessering van films


groot papierkeuse



hoë gehalte kleurdrukwerk

digitale drukwerk

fotokopieering



bindwerk

aflewering

tesis

US DRUKKERY
meer as net drukwerk



[t] 021 808 4321 [f] 021 808 4565 [e] usprint@sun.ac.za

Die US se finansiële vooruitsigte

Dwaroor die wêreld word universiteite gedaag tot groter finansiële dissipline en finansiële selfstandigheid. Groter rekenpligtigheid word geëis, nie net in terme van die aanwending van belastingbetalersgeld nie, maar ook in die vorm van groter inspraak in die universiteit as demokratiese instelling. Uit 'n finansiële hoek, manifesteer dié demokratiseringsdruk onder meer in vryer (makliker) toegang vir studente en 'n aandrang op laer universiteitsgelde.

Landsowerhede tree op as kampvegters vir die saak van die burgerlike gemeenskap deur universiteite te vermaan tot versigtigheid met die verhoging van studiegelde. In Desember 2003 het die Suid-Afrikaanse Minister van Onderwys byvoorbeeld aan alle universiteitshoofde 'n brief geskryf waarin hy gemaak het dat studiegelde nie meer as ongeveer 6,5 persent behoort te styg nie. Terselfdertyd noop finansiële dissipline die meeste landsowerhede vandag tot uitgaweherprioritering, wat in baie gevalle tot 'n inkorting van universiteitsubsidies lei. Universiteite staan dus aan die ontvangskant van 'n finansiële knyp tang van krimpende staats-toekennings en sosiale verwagtings van lae studiegeld.

Die vermindering van staatsfondse vir universiteite hou ook verband met die siening oor die rol van die staat in onderwysfinansiering. Die basiese argument is dat die onderwys/opvoeding van individue in 'n gemeenskap groot voordele (sogenaamde eksternaliteite) vir die gemeenskap as geheel inhou. Daarom is dit geregtig dat die breë publiek (via belasting) 'n bydrae tot die koste van onderwys doen. Die redenasie lui verder dat, hoe meer gevorderd die studie wat onderneem word, hoe beter is die individu se vooruitsigte op 'n goeie inkomste as ekonomies-aktiewe lid van die gemeenskap en hoe groter is die bydrae wat hy/sy tot sy/haar onderwyskoste behoort te lewer. Eenvoudig gestel, die saak is sterker vir "gratis" onderwys aan die leerder in graad 1 as die doktrale student. As staatsbegrotings onder druk is, dan blyk die voorkeur te wees vir primêre en sekondêre onderwysfinansiering, veral in ontwikkelende lande.

Soos die meeste Suid-Afrikaanse universiteite, is die Universiteit van Stellenbosch (US) aan die ontvangskant van die resultaat van al hierdie kragte. In Suid-Afrika is daar boonop die verdere faktor van rasionalisasie van onderwysinrigtings. In 'n indirekte sin word die US geraak deurdat en insoverre die beskikbaarheid van staatsfondse vir die normale bedryf van onderwysinstellings deur die rasionalisasiekoste beperk word.

Die US ondervind reeds meer as tien jaar dat die staats-toekenning as 'n persentasie van die begrotingsinkomste daal. In 1993 was dit ongeveer 70 persent – in 2004 beloop dit 58 persent.

Dusver kon die US die impak van hierdie struktuurverandering in sy finansies hanteer deur middel van kontantvloei-bestuur, aanvullings uit beleggingsopbrengste en tydelike uitgawe-inkortings. Om binne sy finansiële vermoë te kan leef, streef die US egter na 'n bestedingspad wat volhoubaar is in terme van sy inkomste. Dit verg 'n kombinasie van maatreëls ter beteueling van uitgawes en verhoging van inkomste. Die US Raad het op 23 Maart 2004 die

Bestuur se Sakeplan vir 2004-2006 aanvaar, in terme waarvan 'n reeks projekte van onomkeerbare verandering geloods word. Dié projekte is afgestem op die bereiking van die US se visiestelling en die skepping van groter finansiële beweegruimte.

Verhoging van koste-effektiwiteit geniet hoë prioriteit. Oor die kort- tot medium termyn sal die koste-effektiwiteit van diens-afdelings en akademiese eenhede sistematies gemeet en maatreëls ingestel word om dit te verbeter. Dit mag lei tot betekenisvolle rasionalisasie en die staking van ondoeltreffende en uitgediende aktiwiteite. Die vestiging van die elektroniese kampus bied ook nuwe besparingsgeleenthede.

Bestaande inkomstebronne gaan beter benut word en nuwe inkomstebronne gaan ontgin word. Onderliggend aan maatreëls in hierdie verband, is die verwagting dat die US se studentetal vir die afsienbare toekoms die goeie groei van die afgelope paar jaar sal handhaaf. Die US is trots op die hoë voorkeur wat top matrikulante aan studie hier heg. Dit versterk hom in sy strewe na 'n meer diverse studentekorps.

Die US beoog om deur verbeterde kostedoeltreffendheid studentegelde binne perke te hou, maar om studentegeld aan die ander kant só vas te stel dat hy steeds in 'n groeiende studentevraag na gehalte-onderrig kan voorsien – te midde van 'n dalende staatsbron van inkomste. Daarbenewens word toenemende gewig gegee aan sogenaamde derdegeldstroom inkomste, dws inkomste benewens studentegelde en staatstoekennings. Die US se groeiende sukses as navorsingsuniversiteit begin vrugte afwerp en kontraknavorsing is 'n sterk groeiende bron van inkomste. Die aanwending van hierdie fondse is egter beperk tot die betrokke navorsingsprojek en kan nie as sodanig aangewend word vir die finansiering van onderrig en steundienste nie. Soos ander universiteite, plaas die US wel 'n toeslag op dié fondse – onder meer ter bestyding van die koste van bestuur en administrasie.

Een van die nuwe inisiatiewe is die meer aktiewe bemarking van die US se intellektuele kapitaal, die universiteit se vernaamste bate. Die bestuurder: Innovasie is daarvoor verantwoordelik. Nie alleen skep dit meer geleenthede vir die vergoedende aanwending van konsultasie- en onderrigkundigheid in die breë gemeenskap nie, maar ook vir die ontwikkeling van standhoudende addisionele bronne van inkomste. Aanvullend hiertoe, beoog die US om ook sy fisiese bates (grond, geboue en toerusting) in die toekoms meer aktief op 'n inkomsteskeppende basis aan te wend.

Deur die jare het US-alumni en ander weldoeners 'n belangrike en hoogs gewaardeerde finansiële bydrae tot die opbou van 'n universiteit van gehalte gelewer. Vir die bereiking van die US se strategiese doelwitte is voortgesette ondersteuning uit hierdie oorde onontbeerlik. Daarvoor sal alumni en bestaande en potensieel nuwe ondersteuners gedurende die volgende paar jaar oor verskeie opwindende nuwe projekte genader word.

– Estian Calitz
Uitvoerende direkteur: Finansies

'Engels kry voorkeur...'

Mev SM Stofberg, Pk Botha:

IN prof Chris Brink se antwoord op J Strydom (in die vorige *Matieland*) se navraag, noem hy dat die Universiteit in sy beleidsverklaring oor Afrikaans, die woorde "by verstek" gebruik "vir dit wat outomaties geld". Verder wys hy daarop dat hulle eerder konsentreer op die uitbouing as die handhawing van Afrikaans.

Die inhoud van die betrokke *Matieland* laat mens egter vermoed dat "by verstek" inderdaad vir die Universiteit beteken "in afwesigheid van". Van die 37 bladsye met kopie, is 18 bladsye in Afrikaans, waarvan twee gebruik word vir die "In Memoriam". Vir Engels word 19 bladsye afgestaan, waarvan meeste insiggewende artikels beslaan. By die Universiteit se verstek, kry Engels dus voorkeur bo Afrikaans, iets wat ons lankal vermoed, en nou bewys is.

(Dis hoegenaamd nie die geval dat Engels-talige berigte "voorkeur" kry in *Matieland* nie. Berigte in Engels word jare al in die blad geplaas, soms is daar meer as ander kere, dit gaan oor die praktiese werklikheid – in hierdie uitgawe is daar bv. weer veel minder – red.)

Ongelukkig oor Woordfees-plakkaat

FA du Preez, Goodwood:

AANSTOOTLIK, afstootlik, vieslik en smerig – dit is meer gepaste terme om daardie advertensie vir die Woordfees op bl 25 van die uitgawe (02:2003) te beskryf. Word daar in sommige kringe onder die Pieke tot die vlak van die platvloerse ge-daal? Daar is van ons wat selfrespek het.

Te midde van die pogings om skynbare gerusstellings oor die posisie van Afrikaans te gee, was dit heel opmerklik dat 20 van die 40 bladsye se bewoording slegs, of hoofsaaklik, in Engels was!

Die verwysing na *apartheid* op bl 25 van die uitgawe (01:2003) laat mens wonder hoe lank daar nog skynbaar by dieselfde deuntjie vasgehaak gaan word. Kan sommige mense nóg nie daar verbykom nie? En wat van die huidige *apartheid*/diskriminasie?

Dis tog opmerklik watter waarde daar in kerklike kringe aan die woorde en optrede van diegene wat hulself skynbaar met die kommunisme (ge)assosieer (het), geheg word. En dit terwyl ons tog die geskiedenis/verlede (en in sommige lande, die hede) van hierdie verwerplike ideologie/denkrigting teenoor juis die volgelinge van ons Here Jesus Christus ken. Of moet dit liewer nie hardop genoem word nie?

Opmerklik ook, was die feit dat die hoofdeel van die artikel net in Engels was.

Die verwysing na "demokrasie" op bl. 7 van (02:2003) laat mens vra: presies wát is dit en wáár in Suid-Afrika bestaan dit?

Van dié warm geselsie kom toe niks nie!

Kerneels de Jager, Hermanus:

TERWYL daar onlangs in die media berig is oor meisies in mansstudente se slaapkamers en van studente wat met windbukse op meisies skiet, roep dit onwillekeurig herinneringe op uit *Matieland* in die laat jare veertig.

Ons kon damesstudente op die koshuisstoepe en in hulle sitkamers besoek, waar ek die indruk gekry het dat die sitkamerdeur nie moes toegemaak word ('n ongeskrewe reël) wanneer 'n meisie 'n mansbesoeker onder hande het nie.

'n Gebeurtenis toe ek 'n meisie in Harmonie geskiet het vir 'n melkskommel een Saterdagmôre by Suikerbossie, onthou ek goed. Ek het die indruk gekry dat Marie (dit was haar naam) daai oggend ingestel was vir 'n "warm geselsie" met my; sy het iets op haar hart gehad...

Toe ons in Harmonie se sitkamer kom (terug van Suikerbossie) was die primaria

en ander studente op die koshuisstoepe. Marie gaan trek toe doodluiters die gordyne toe, van die venster waardeur, vanaf die stoep, ingekyk kan word. Die primaria kom staan toe in die deur, kyk na my en vra half deernisvol: "Alles reg?" ("okay" en "fine" was toe nog nie in sirkulasie in Afrikaans nie).

Ek het haar nie geantwoord nie, want ek het regtig nie geweet wat sy eintlik sê, vra of bedoel nie. Ek weet, trouens, nou nog nie.

Heelwaarskynlik het die primaria haar medeverantwoordelik gevoel vir die veiligheid van besoekers aan haar koshuis, veral terwyl daai Saterdag 'n skrikkeljaarsdag was. Maar as gevolg van die primaria se deernisvolle bemoeienis – skynbaar goed bedoel – het daar toe daardie dag niks gekom van 'n skynbaar "warm geselsie" nie.

Ek dank u vir u aandag aan 'n herinnering uit vergange se dae.

Dankie prof Chris Brink!

Dr DH Heydenrych, Montagu:

BAIE dankie vir die duidelike en eerlike antwoord van die rektor op mnr J Strydom se brief in die vorige uitgawe.

Prof Chris Brink verdien lof dat hy bereid was om op 'n brief te antwoord en dat die kwessie nie bloot gehanteer is as 'n redaksionele reaksie of standpunt nie. Min mense in hoë uitvoerende posisies is deesdae bereid om dit te doen.

Tweedens moet die rektor bedank word dat hy op so 'n eerlike manier geantwoord het. Ons Oudmaties is almal bekommerd oor die lot van Afrikaans as ondergitaal aan die US. Daarom verwelkom ek die rektor se verduideliking dat die behoud van Afrikaans geld kos, asook die voorbeelde wat hy in dié verband noem. Dankie vir wat reeds gedoen word en dankie ook dat u gesteld daarop is dat ons "metafore van mag en stryd moet vermy", en dat ons "veel slimmer te werk moet gaan" – en ook die daad by die woord voeg.

Afrikaans moet inderdaad bemaagtig word om met ander tale mee te ding. En die idee om die uitbouing van Afrikaans te koppel aan die uitbouing van diversiteit is 'n uitstekende positiewe reaksie op die beleërde posisie van dié taal.

Ons moet onthou dat ons tans besig is om die prys te betaal vir die stigma wat weens apartheid aan Afrikaans kleef. Ons hét studente uitgesluit wat Afrikaans praat, maar nie wit was nie, en buite die universiteite is ook op vele terreine deur Afrikaner-nasionaliste teen mense op grond van ras en velkleur gediskrimineer. As ons nou ons kaarte reg speel, mag ons vind dat Afrikaans as onderrigtaal (en andersins) in die toekoms weer tot sy reg sal kom.

Ons het vir te lank rektore gehad wat ideologies geïnspireer was. In die konteks van die tyd waarbinne hulle gedien het kan 'n mens dit nog verstaan, maar in die tyd waarin ons nou leef, deug dié ideologiese benadering nie. Nou is pragmatiese denke en nugterheid nodig en dit blyk duidelik uit die antwoord van prof Brink.

Dankie vir 'n voortreflike blad en 'n voortreflike universiteit.

Waar was die tafelgebed?

Tielman Roos, Hermanus:

GEDURENDE November verlede jaar is die 100-jarige bestaan van ons studenteraad luisterryk gedenk.

Dit was 'n puik dinee, heerlik om weer ou vriende van dekades gelede raak te loop en ons het lekker na die kanselier, prof Elize Botha, geluister.

Tog was daar een ernstige tekortkoming. Die dinee is begin sonder dat die seën gevra is. Ek kan nie glo dat dit 'n glips was nie. Was dit doelbewus, 'n opdrag selfs?

Die teleurstelling/skok hieroor lê wyd. 'n Opregte tafelgebed is tog veel meer as net tradisie – daarin lê 'n stuk geloofstoewyding. Ons durf nie toelaat dat Stellenbosch met sy ryk geskiedenis in hierdie opsig begin gly nie.

Kampus bied ideale rusplek/blaaskans na uitputtende jaar

Stellenbosch is wyd en ver bekend as voortreflike vakansiedorp en duisende mense ruk jaarliks van oraloer hierheen op om sy besonderse sjarme en buitengewone bekoring te ervaar. En die Universiteit hier lewer reeds bykans tien jaar ook 'n bydrae om toeriste na die Vallei van Van der Stel te lok deurdat hy in Desember en begin Januarie sy verblyfgeriewe aan moeë en oorwerkte mense beskikbaar stel sodat hulle 'n rukklank in een van die skilderagtigste dele ter wêreld kan kom uitspan en uitrus.

Studente woonhuise, woonstelle en koshuiskamer-eenhede is van omstreeks 10 Desember tot so 9 Januarie elke jaar daar vir die publiek om te huur – teen uiters billike tariewe.

Fasiliteite wat beskikbaar gestel word, is:

- ♦ ses en tien bed eenhede in die koshuise Erica, Nemesia en Semuria
- ♦ vyf bed eenhede in die manskoshuis Helderberg
- ♦ vyf en ses bed eenhede in die koshuise Dagbreek, Helderberg, Lobelia, Huis MacDonald en Huis de Villiers.

Die huise waar verblyf beskikbaar is, bied ses, agt en tien bed fasiliteite.

Die selfsorgeenhede – in woonstelle en woonhuise – is baie bekostigbaar en is almal eenhede wat gedurende die jaar aan studente verhuur word. Hulle is ten volle toegerus met beddegoed, yskas, stoof en die nodige eet- en kombuisgereedskap. Braaigeriewe is by alle eenhede beskikbaar.

Saans word gesamentlike vleisbraaivure in die vierkante ("quads") van koshuise soos Dagbreek en Huis de Villiers opgesteek en oor 'n glasie rooi of wit voggies afkomstig van die een of meer pragwynplase in die omgewing word blywende vriendskappe net daar baie maklik gesmee ...in die "quads" van dié koshuise is kinders natuurlik doodveilig en kan hulle sonder ouerlike toesig na hartelus baljaar.

Tariewe is meer as billik en wissel van R290 per een slaapkamer (drie bed) tot R520 vir 'n ses slaapkamer (tien bed) eenheid. Huise se pryse wissel tussen R450 vir 'n ses bed, R490 vir 'n agt bed en R600 vir 'n tien bed huis.

Nadere besonderhede hieroor is beskikbaar by Linda Cilliers van die Afdeling Koshuiseadministrasie, tel. 021 808-4547 - 'n brosjure met tariewe en bykomende inligting rondom o.m. deposito's, aankoms- en vertrektye, kansellasië en geldende reëls kan per e-pos by lcill@sun.ac.za of djma@sun.ac.za aangevra word.

Kom ruk nou einde vanjaar op Wes-Kaap toe en span 'n wyle uit op die Matie-kampus - jy en jou geliefdes sal verseker vorentoe nog menige gate in die nag oor dié rustydjie gesels...


Honorary Matie, Thabo Mbeki pleads for University's support



Registrar Johann Aspeling drapes the hood of Economics and Management Sciences about the shoulders of the president. This is the faculty in which Dr Mbeki was awarded an honorary doctorate. The Chancellor, Prof Elize Botha, is on the right.



Charlene Martin's solo performance as a member of the Stellenbosch Libertas choir moved the president to rise and thank her with a heartfelt embrace.



The presidential couple, Zanele and Dr Thabo Mbeki, with Tobea Brink and Prof Chris Brink, Rector and VC of the University.

Stellenbosch University has been called upon by one no less than State President Thabo Mbeki to help bring down barriers and work against discrimination in South Africa. The place was the Endler Hall. The occasion was the conferment of the degree Doctor of Commerce Honoris Causa upon the red-robed, erudite Thabo Mbeki.

Speaking after receiving his honorary degree Mbeki made his point: "We must together ask ourselves the question - have Afrikaans speakers in general really come home to the new South Africa?"

In asking this Mbeki referred to Adam Small's "Kanna hy kô hystoe" where Kanna returns from abroad for his mother's funeral but then prefers not to remain here. Kanna did not really come home, said President Mbeki.

"How many of them (Afrikaans speakers) have migrated inwards... merely fashioning a tolerable physical existence for themselves in our diverse society? And what role will Stellenbosch University, with its large component of Afrikaans speakers, play?"

Mbeki remarked on the fact that the university was the venue of the African National Congress's 51st National Congress, saying this displayed the university's commitment to nation building.

Paraphrasing scientist Albert Einstein, Mbeki said it seemed that the path to nation building did not lie through the fear of life, death, the future and blind faith in accumulated prejudices but rather through "striving after rational knowledge".

"We need the penetrating light of the rational knowledge of ourselves that 'ons kennisvennoot' (our knowledge partner) can and must provide, to banish the ogres, the goggas, the frightening shadows, the warped images, the demons, the goeters in die bos, that make it inevitable that we will continue to define our neighbour and compatriot as The Other, the antithesis of our definition of ourselves."

He said changes and practices at the university which had great educational and symbolic value for Afrikaans speakers were closely watched for their significant ripple effect.

"Now that Afrikaans has been liberated from its narrow Afrikaner nationalist straitjacket, Stellenbosch University must answer an important question - how can the university as an academic and educational institution, equip and motivate Afrikaners and other citizens with Afrikaans as their first language to be participants in the common journey towards the birth of a united but diverse nation."

In its motivation for conferring the degree the university described Mbeki as a "visionary leader".

It said his contribution in three areas particularly were of crucial importance. These were the achievement of a negotiated transition, the establishment of a sound and disciplined economy, and his leadership role in Africa and in the international arena.

Mbeki was accompanied by his wife Zanele. Others present included Adelaide Tambo, Education Minister Kader Asmal, Communications Minister Ivy Matsepe-Casabum, Minister in the Office of the President Essop Pahad and Reverend Frank Chikane.

Eregrade ook aan...

Ramphele en Esterhuyse



Dr Mamphela Ramphele, gewese visekanselier van Ikeys en 'n besturende direkteur van die Wêreldbank, en prof Willie Esterhuyse, oud-hoogleraar in Filosofie en tans verbonde aan die USB, saam met rektor Chris Brink en die kanselier, prof Elize Botha, nadat eredoktorsgrade in die Wysbegeerte (DPhil) op die laaste gradeplegtigheid in Desember verlede jaar aan hulle verleen is.

Ramphele, wat die geleentheidspreker op die plegtigheid was, is o.m. vereer vir haar rol in die gelykberegtiging van opvoeding en opleiding vir veral die minderbevoorregte groepe in SA en Esterhuyse vir o.m. sy buitengewone bydrae die afgelope drie dekades tot die filosofie in SA. Ramphele het reeds 16 eredoktorsgrade ontvang.

Esterhuyse het kort voor dié verering ook vemeem dat president Thabo Mbeki aan hom die nasionale orde, die orde van Luthuli (silwer), toegeken het vir sy besondere bemiddelingsrol om onderhandelings tussen die ANC en die destydse apartheidsregering aan die gang te kry – onderhandelinge wat demokrasie meegebring het.

Krog en Rupert



Die poëtieskrywer en joernalis dr Antjie Krog (naaslinks) en die sakeleier dr Johann Rupert (regs) saam met die kanselier, prof Elize Botha, en die rektor, prof Chris Brink, nadat eredoktorsgrade in April aan Krog en Rupert verleen is.

Krog het die graad Doktor in die Lettere (DLitt) honoris causa ontvang. Sy is vereer vir haar bydraes tot die Suid-Afrikaanse letterkunde in die genres van die poësie, prosa en drama, die joernalistiek en tot versoening en transformasie in die samelewing deur haar werk as skrywer en vertaler. Sy is ook vroeër vanjaar deur die minister van Onderwys in die Raad van die Universiteit benoem. Daarbenewens het sy 'n pos as buitengewone professor in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Wes-Kaapland aanvaar.

Rupert, wat die graad Doktor in die Handelswetenskappe (DComm) honoris causa ontvang het, is vereer vir sy besondere bydrae op die terreine van bedryfs- en ekonomiese leierskap in die internasionale ekonomie.



Zinhle Buthelezi being capped by the Chancellor, Prof Elize Botha.

A South African 'first' for Stellenbosch University

Stellenbosch University has presented the country with the first South African black woman to earn a doctorate in Nuclear Physics. She is Zinhle Buthelezi who received her doctorate at a recently held graduation ceremony.

Dr Buthelezi was born and bred in KwaZulu/Natal. One of a set of twins, Dr Buthelezi earned her BSc, BScHons and MSc at the University of the Western Cape. She now works in Faure at iThemba Laboratory for Nuclear Science (formerly known as the National Acceleration Centre).

She recently presented aspects of her research at two international conferences in Italy and Russia respectively with very favourable responses. Extracts from her doctoral thesis have been published in two internationally peer-reviewed professional journals.

Her thesis deals with the fundamental way in which heavy ions interact with materiel. This forms part of research under the standard of the joint Italy/South Africa Science and Technology Agreement.

Besides the universities of her two project leaders (Professor Anthony Cowley of Stellenbosch University and Professor Ettore Gadioli of the University of Milan), there are groups from Wits and iThemba also involved in this research programme.

Finally, for the record - everybody asks the question - no, Doctor Zinhle Buthelezi, is not related to the well-known KwaZulu/Natal politician of the same surname!

Two Maties in the 'engine room' of Government

Few people know that our 48-year-old National Minister of Education, Naledi Pandor, is a graduate of Stellenbosch University. Minister Pandor studied in the Department of General Linguistics and received her MA degree in 1997.

Political commentators assessing Thabo Mbeki's 2004 Cabinet have acclaimed Naledi Pandor's appointment with nods of approval, such as, "She has a reputation for getting things done."

Another remarks: "Pandor is known as a hard-working intellectual and served in Mbeki's previous term of office as chairman of the National Council of Provinces."

In her previous position she ensured that provincial interests were taken into account with the formulation of national policies.

Pandor is described by education leaders as insightful, calm and talented, while unions also regard her highly.

In contemporary issues of the day Pandor has also made her mark. For instance, she is at the forefront of a campaign to establish a list of child sex offenders, so that communities can be made aware of the presence of such wrongdoers.

Naledi emerges from one of the best-known 'struggle' families. Her grandfather is ZK Matthews, who was on centre stage with the holding of the 1955 ANC Congress and later with the compilation of the Freedom Charter.

♦ Another member of the new Cabinet is also a product of Stellenbosch University. He is Advocate Johnny de Lange who is now Deputy Minister of Justice and Constitutional Development.

Forty-six-year-old De Lange was born in Eshowe, Kwa-Zulu/Natal. He received his law degree at Stellenbosch University in 1983 and went on to receive his LLB degree at UCT.



Naledi Pandor

During his career as advocate, De Lange involved himself in several high profile cases, one of them was the State vs Tony Yengeni concerning the now notorious half-price luxury vehicle. He has also been a member of the parliamentary rules committee, and served as chairperson of the parliamentary portfolio committee on justice and constitutional development.



Pictures: Ilonde van Hoofter

Rwandan Matie graduate now Minister of State

BY MATTIE VAN DER MERWE

In mid-May the Rwandan Minister of State in charge of economic planning in the finance ministry, Monique Nsanzabaganwa, commended the African Development Bank – ADF – on its advance of a US\$18-million loan and grant to improve the country's water supply and sanitation in rural areas. She also announced that Rwanda had introduced a series of measures to improve management of public investment programmes.

There is nothing strange in such news from the lips of a Minister of State, any state, BUT what does strike a chord, is that Monique Nsanzabaganwa is a former Matie student.

In 2002 Monique became the first African student from outside South Africa to obtain a Masters of Economics *cum laude* at Stellenbosch University (SU). Back in Rwanda, she joined her *alma mater*, the National University of Rwanda, as a lecturer. A year later she answered a call to serve as Minister of State in charge of economic planning in her country's finance ministry.

Monique has not left SU behind. In fact, she returned in March to collect material for her doctoral studies in Economics under Professor Philip Black, professor extraordinaire at SU.

Monique speaks with confidence about what direction her doctoral studies will take.

"It is going to be about economic policy-making and how to deal with the uncertainties around the policy-making process. I am interested in finding out why policies fail and how to make them succeed," she explains.

"I want to narrow the gap between policy

and the target audience so that they become more responsive to new policies. I would like to work on the implementation side."

Monique first arrived in South Africa in 2000 on a study grant from the Rwandan government. She tackled the first year of her Masters studies alone while her husband, Théogène Bangwanabusa, a Sociology lecturer, stayed behind. (Note: Upon marriage in Rwanda, one retains one's surname).

At the time of arrival she was fluent in French and Kinyarwanda. She could barely speak English.

Upon returning from her end-of-year vacation, Théogène accompanied her to enroll for his Masters in Sociology at SU. Life became easier for Monique with Théogène at her side to help with the rearing of their first-born child. "Stellenbosch is a wonderful place. It is one of the top universities and has excellent facilities."

Monique recalls that by the time she returned to Rwanda with her Masters degree in June 2002, she was fluent in English and was a mother for the second time. She became a lecturer at the National University of Rwanda in Butare, a university town "much like Stellenbosch."

The invitation to become Minister of State for Economic Planning in the Finance Ministry came as a complete surprise: "I never envisioned this. I had prepared myself for an academic career. I also planned to do the doctorate, you know, the now-or-never sort of thing. But being minister in the government..."

Monique is now responsible for co-ordinating workable policies to rebuild the economy of Rwanda after years of unrest. "The ethnic conflict affected everybody but we are recovering," she says.

"We plan for improvement, for rebuilding the economy and society. Our Vision 2020 and our poverty reduction strategies are acknowledged by African standards. Now the challenge is to convert them into workable programmes to help with the recovery."

An important component of Rwanda's recovery is the re-introduction of a traditional justice system, the *gacaca*. People get together and deal with the fall-out from the genocide in a more informal way than what would be the case in modern judiciary systems. Says Monique: "The division of people was done artificially – people have to live together in the villages and in families as they have always done. They have no choice. The *gacaca* makes this possible again."

Does she see herself as a role model for young women? "Perhaps ... if they would like to," says an unassuming Monique. It is easier for women in Rwanda these days. The Rwandan constitution makes provision for at least 30% of women in decision-making positions. There are signs of affirmative action. For example, Rwanda boasts 32% women in Cabinet and 48% in Parliament.

Monique Nsanzabaganwa has her priorities sorted out: "What is important to me are my family, my studies, and now also participating in governing my country as well."

DEUR MARTIN VILJOEN

Moenie dat die statige ou Bloemhof-skool in Ryneveldstraat jou flous nie. Vandag is dit die Eben Dönges-sentrum en hoofkantoor van Afdeling US Museum wat uit die Sasol Kunsmuseum en US Kunstgalerie (in Dorpstraat) bestaan. Op Stellenbosch word egter liefderyk na hierdie ou gebou as "die Sasol" verwys omdat die Sasol Kunsmuseum 'n intergrale deel daarvan vorm. Die grootste gedeelte van die US se kunsskatte word hier gehuisves.

In die hoofsaal van die Museum, tussen die Museum se waardevolle kernversameling – die J du P Scholtz-versameling – het prof Alan Alborough, 'n bekroonde kontemporêre kunstenaar en dosent aan die Departement Beeldende Kunste, van Mei 2003 tot Januarie 2004 nesgeskop met sy uitstalling "work [ing/ in] pro [cess/gress]".

Dié uitstalling, wat as't ware vanaf die boonste vloer tot onder deurgespel het, het bestaan uit duisende plastiekbotteltjies, -sakies, -tolletjies, -emmertjies, klampe, skroewe en honderde meters tou verweef in 'n ingewikkelde *tolletjiesbrei*-tema, wat mens sommer met die intrapslag begroet het.


"Alborough se werk is 'n bevestiging van hoe ons die doel van die Museum sien. Om ruimte te laat vir die kontemporêre, om te eksperimenteer en wetenskaplik uit te daag, maar ook om professioneel te bewaar, vakkundig te ontsluit en tot voordeel van al die teikengroepe van die Museum aan te bied," reken dr Lydia de Waal, direkteur van die US Museum.

"Hierin sluit ons aan by die missie van die Universiteit waarin kennis ontdek, gedeel en tot voordeel van die gemeenskap aangewend moet word. Die US Museum dien dus ook as laboratorium waar vakkundiges van onder meer die Departemente Beeldende Kunste, Geskiedenis, Antieke Studie, Afrikatale en Sosiologie kan kom aanklop vir kurrikulum-vermyking."

Van onskatbare waarde

Dr De Waal is daarvan oortuig dat die Museum se kuns-, kultuurhistoriese en antropologieversameling van onskatbare waarde is en nie in geld gemeet kan word nie.

"Alhoewel die Universiteit se kunsvorsing tans geëvalueer word vir onder meer verskeeringsdoeleindes en



waarskynlik etlike miljoene werd is, dink ek wat van groter belang is, is die waarde wat ons deur hierdie kosbare kunswerke kan toevoeg tot die lewe van diegene wat daarmee in aanraking kom."

Die Universiteitsmuseum se kunsvorsings – waarvan die eerste werk in 1919 bekom is – bestaan tans uit byna 3000 stukke. Vandag omvat hierdie groot en belangrike versameling 'n wye verskeidenheid temas en beeldende media deur 'n groot aantal binne- en buitelandse kunstenaars van die afgelope bykans 50 jaar. Die uitgebreide prof J du P Scholtz-versameling, die Maggie Laubser-versameling en 'n baie waardevolle Africana, die Solomon Caesar Malan akwarelle en die Peter en Catherine Freund versameling van internasionale grafiek is die bekendste. Die jongste versameling is die Suid-Afrikaanse Kontemporêre Keramiekversameling wat in 2001 begin is.

Die US Museum is ook bevooreg om 'n onvervangbare antropologie-versameling te huisves waarvoor die kurator Louis Botha jaloers waak. Dié versameling bestaan uit 'n spektrum van gebruiksvoorwerpe, van klerasie en versiering tot wapentuig en rituele artikels, wat die bestaanswyse en kulturele stelsels van verskeie Suider-Afrikaanse samelewings verteenwoordig. Die Afdeling Antropologie ontvang ook gereeld nasionale en internasionale navorsingsbesoeke, terwyl talle navrae deurlopend hanteer word. In Maart 2004 het 'n openbare lesingreeks "Mense Agter Glas" begin om die publiek meer bewus te maak van hierdie waardevolle versameling en sekere kultuurhistoriese vraagstukke.

'n Wenslys

Volgens mnr Ulrich Wolff, vakkundige in beheer van die kunsvorsing, het die Sasol Kunsmuseum, ten spyte van 'n breë ver-

sameling Suid-Afrikaanse kuns, ook 'n wenslys vir kunswerke sedert die sestigerjare van die vorige eeu.

"In teenstelling met baie ander bewaar-instansies moet die Museum konsentreer op 'n breë verskeidenheid kuns om homself akademies en wetenskaplik te regverdig, eerder as om homself as 't ware vet te voer met populêre kuns om groot getalle te trek. Ons begroting stel ons selde in staat om jaarliks hierdie wenslys te kan aanspreek."

Mnr Wolff reken egter dat oud-Maties meer as welkom is om werke aan die Museum te skenk – dis trouens waar 'n groot gedeelte van die kunswerke wat tans gehuisves word, vandaan kom.

"'n Skenking aan die Museum is 'n verantwoordelike manier om kunswerke na te laat waar dit deur geslagte wat kom waardeer sal word. Natuurlik kan ons nie enige werk ontvang nie en is daar noodsaaklikewys 'n keuringsproses waaraan kunswerke onderwerp moet word. Enige potensieële skenker is welkom om ons te skakel vir meer inligting."

Wetenskaplike verantwoordbaarheid

Die Museum staan egter nie bo verdenking nie en volgens dr De Waal sal daar altyd gevra kan word wat die waarde van 'n museum is en of daar nog steeds belê moet word in kunswerke en in die Museum se geval ook outentieke antropologiese items.

"Natuurlik is daar nie 'n eenvoudige antwoord nie, maar mens moet onthou dat kuns gesien word as 'n spieël van die tyd – en 'n mens hoop dat daar geleer kan word uit die spieëls van die verlede. Miskien is die belegging in kunswerke nie die eerste prioriteit van die Universiteit nie, maar 'n belegging word eers in die toekoms waardevol. Daarom glo ons dat vandag se beleggings in kuns die prioriteite van die dag dalk meer draaglik maak. Verder moet ons hier na die intrinsieke waarde van hierdie beleggings kyk en nie net altyd die monetêre waarde nie," sê sy.

"Verder het die US Museum net soos die meeste ander afdelings aan die Universiteit 'n beperkte begroting en nuwe werke word met groot omsigtigheid aangekoop en slegs as 'n spesifieke behoefte dit regverdig. In die US Museum se geval is met 'n kernversameling van ouer SA kuns begin en word daar tans gewerk aan 'n meer volledige beeld van die Suid-Afrikaanse kunsonwikkeling waarin die "gapings" geïdentifiseer en die mark verken word.

Gemeenskapswerk

Die US Museum steek 'n sterk hand uit na die gemeenskap deur honderde leerders wat jaarliks via die Museum se Kunste Uitreik-program, geborg deur Sasol Beperk, ontvang word. Nie net word die leerders aan die kunswerke blootgestel nie, maar word hulle deur onder meer musiek en drama na die beeldende kunste begelei en lewer hulle self kunswerke. Hierdie kunswerkies word vir kort periodes by die werke wat as inspirasie gedien het, uitgestal. Die vreugde om 'n kind te sien wat



sy hele familie na die Museum bring, maak volgens dr De Waal die werk wat hulle doen, oor en oor die moeite werd.

♦ Die US Museum bestaan uit die Sasol Kunsmuseum in Ryneveldstraat en die US Kunstgalerie h/v Bird-en Dorpsstraat. Besoek gerus hulle webblad of kontak die Museum by 021 808 3691/3 (tel), 021 808 3669 (faks) of e-pos: lmdw@sun.ac.za

Om die kunswerke in tip-top toestand te hou, word dit nie net veilig bewaar nie, maar het dit ook voordurend professionele restaurateurs se aandag nodig omdat omgewingsfaktore soos sonlig, stof en lugbesoedeling alles daarop inspeel om hul lewensduur te verkort. Die US Museum is baie bevoorreg om gereeld die dienste van mnr Henri Wirth van die JS Gericke-biblioteek te bekom. Mnr Wirth het jare gelede die restaurasie van die Maggie Laubser skilderye, wat in 1974 aan die Universiteit geskenk is, hanteer. Hy is egter veral bekend as een van die heel beste papierrestoureerders in Suid-Afrika. (lees ook berig op bl. 12)

Foto's onder: Wie het gesê museums is vervelig? Die Sasol Kunsmuseum bied 'n verskeidenheid van aktiwiteite vir plaaslike leerders. Die foto links is van leerders by *Endangered species*, 1989 – Ann Clarke en Mavis Duffield se tekstiel-beeldhouwerk. Op die middelste foto is Noria Mabasa, 'n kunstenaar wat veral vir haar hout- en kleibeelde bekend is, by leerders wat aan die projek "Kry 'n greep op kuns" deelneem. Heel regs is mev Delia van Wyk by 'n groepie leerders wat besig is om kuns te maak.

Bo: Die werk van Solomon Caesar Malan wat afgebeeld word is "Fryers' Cottage, Wynberg, 1839", waterverf op papier.

Links: Keramiekpot - "Giraffe Tureen" uit die Ardmore Studio van Kwazulu-Natal - 'n objek te sien by die kontemporêre keramiek-versameling.



Eie kunsskatte vir ewig bewaar

Gesels jy met Henri Wirth, hoofrestourateur van die Universiteit van Stellenbosch, besef jy reeds vroeg in die gesprek jy praat met 'n perfeksionis-cum-innoveerder. Einde vanjaar is hy reeds 40 jaar by die universiteit waar hy onder meer kunswerke, dokumente en ou landkaarte volgens internasionale bewaringstandaarde restoureer en versorg

DEUR TERRY DE VRIES NEL

Perfeksionis, ja dit verstaan ek. Enigiemand wat sulke pynlik stadige en fyn noukeurige restoureerwerk doen om kunsskatte tot hul eertydse glorie te herstel, móét 'n perfeksionis wees. Maar innoveerder, dís 'n bonus. Vroeg in sy loopbaan het Henri Wirth reeds besef hy kan nie by eweknieë in Europa aanklop om hulp en raad nie, hy moet sêlf probleme oplos.

En so het hy heelwat nuwe tegnieke en metodes bedink en toestelle ontwerp om sy werk te vergemaklik. Hy het 'n droog-aanleg ontwerp waar die papier sonder vervorming uitdroog, terselfdertyd teen skadelike bakterieë behandel word én boonop die uitdrogingsproses van vyf dae na veertig minute verkort! Hy het 'n chemiese glastoestel ontwerp vir die verwydering van skimmelkolle deur 'n droë gasproses-behandeling, spesifiek vir die restourering van waardevolle D.C. Boonzaier sepiatekeninge wat nie nat kon word nie. Onlangs het hy binne vier maande 'n idee in 'n masjien omskep wat poliësteromslae maak vir die bewaring van ou dokumente. Waar ingevoerde materiaal R30 stuks kos, kos dit nou net R3,80, vertel Henri trots.

Henri het deur die jare ook sy eie metode ontwikkel vir die restourasie van ou lakseëls op dokumente, soveel so dat die woord *replika* onderaan die lakseël aangebring moet word anders is dit vervalsing!

"Elke restourasiewerk is anders. Juis daarom is my werk vir my so 'n uitdaging." 'n Skildery, hetsy waterverf of olieërf, bly vir hom die grootste uitdaging om te restoureer. "Die tegniek van die kunstenaar en die kleursamestellings wat hy/sy gebruik het, bestudeer ek eers noukeurig onder 'n mikroskoop voordat ek enigins met restourasie kan begin. Dit kan tot drie maande duur voor ek werklik begin. Die geskiedkundige skildery van Thomas Bowler, *Fort Beaufort*, het byvoorbeeld byna 2 000 kleurskakerings gehad wat ek self met die hand moes meng."

Thomas Baines, daarenteen, het Henri laat kopkrap. Waarom kraak sy dié olieërfskilderye dan nie? Met die hulp van die Departement Geologie het hy 'n pigmentontleding laat doen en uitgevind Baines het sy verf gemeng met fyn gesifte seesand! "Dit was nêrens opgeteken nie. Dele van die sewe skilderye van hom wat

ek moes restoureer, was 'missing' en ek moes dit van nuuts af opbou." Henri het toe vir hom seesand gekry, dit gesif en gemeng met die pigment en die skilderye so gerestoureer dat niemand die verskil kan sien nie.

Ander skilderye was weer so geplak met lae en lae vernis dat die skildery self heeltemal onduidelik was. Die 1859 skildery van Frederick Timpson l'Ons, *Confab*, het sewe lae vernis opgehad. "Destyds is organiese harsvernisse gebruik wat met tyd geel geword het sodat jy later niks meer van die skildery kon sien nie." Dit het Henri drie weke geneem net om die vernis van die l'Ons-skildery af te haal. Dié skildery het hom die hele tyd laat wonder. Onder in die hoek was 'n hond met 'n been wat duidelik vir iets of iemand grom. Ná hy die vyfde laag vernis afgehaal het, kry hy toe die rede – 'n swart hondjie!

Nog 'n kunsskat wat erg verinnuweer was, was 'n skenking van 'n paar Maggie Laubers. Dit is in 1973 in kratte in die motorhuis van haar woning ontdek. Sy het haar skilderye op papier en karton geskilder en hoewel dit in kratte gebêre was en dus nie aan lig blootgestel was nie, is dit

in strooi verpak wat dit klam gemaak het.

Die hoogtepunt van al sy restourasiewerke was ongetwyfeld die J du P Scholtz-versameling wat aan die Universiteitsmuseum geskenk is. "Dit was die mooiste, juis omdat dit so 'n wye spektrum gedek het." Met 'n ondeunde glinster in sy oog vertel hy hoe een van die sewe eregaste, vir wie hy almal 'n replika van Solomon Caesar Malan se Tafelberg waterskildery gemaak het as geskenk by die opening van die Universiteitsmuseum/SASOL Kunsmuseum in 1991, gedink het hy het die oorspronklike skildery gekry!

Die langste wat hy aan 'n skildery gerestoureer het, was agt maande. Dit was *Die Slag van Bloedrivier* van AM Luyt waarvoor hy 'n spesiale enorme glasblad van 2,3 x 4 m moes laat sny om op te werk. Dit was 'n storie om dié glasblad in sy laboratorium te kry, maar soos met alles het Henri lank voor die tyd 'n roete al uitgewerk – op plekke met net 15 mm speling! – deur die lugverkoelingskamer.

"Dis lekker om 'n eindproduk te sien en te weet hoeveel harde werk ek daarin gesit het." Harde en geduldige werk wat in 1996 beloon is met die erepenning van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns vir die restourasie van kunswerke.

Met sy fyn humorsin, Job se geduld, Duitse noukeurigheid en oorvloed deursettingsvermoë is geen taak te groot vir Henri Wirth nie. Intendeel hy geniet elke oomblik daarvan. "Daar is geen vaste resepte of reëls nie – elke item is verskillend en het 'n ander prosedure nodig."

Elke skildery het sy eie verborge geheim wat hy stadig, stap vir stap, ontrafel.

Henri Wirth in sy laboratorium onder in die JS Gericke-biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch.

Foto's: Jürgen Doom





Karen Zoid



Brasse vannie Kaap



Lucas Maree en Coenie de Villiers

'n Formidabele Woordfees 2004

Met 'n gemiddelde saalbesetting van 84%, kan 'n mens Woordfees 2004 in één woord beskryf: formidabel

DEUR THEO KEMP

Dit is maklik om vol sale te trek met populêre kunstenaars. Dit is 'n ander saak om mense so ver te kry om te stroom na lesings oor die letterkunde. En juis dít is wat by Woordfees 2004 weer eens vermag is.

Natuurlik is dít belangrik dat 'n fees 'n "ligter" sy ook moet hê. Maar dít is nie net die Coenie en Lucas'se, Karen Zoid's en DNA Strings wat feesgangers in hulle hordes laat saamtrek het nie.

Feesgangers het ook tougestaan by "ernstiger" dinge soos Marlene van Niekerk en Ena Jansen se lesings oor Elisabeth Eybers, aan wie die fees opgedra is. Al die boekpraatjies en diskoerse was stampvol bygewoon. By die praatjie oor rubriekskrywing met André le Roux, Etienne van Heerden, Martie Meiring en Joan Hambidge, moes daar inderdaas ekstra stoele ingedra word.



Feesgangers het tougestaan om na Marlene van Niekerk te luister.

Die JC le Roux-ontbyt met die Bakkes-familie was só gewild dat 'n tweede geleentheid gereël moes word.

Dit is belangrik om skrywers te vereer, aangesien kunstenaars oor die algemeen dikwels nie die erkenning kry wat hulle verdien nie. Buiten die verering van Eybers, het prof Elize Botha hulde gebring aan MER (Maria Elizabeth Rothman). Ook Audrey Blignault, Eleanor Baker en Anna M Louw se bydraes tot die Afrikaanse letterkunde is gevier.

'n Glasie is verder geklink op die musieklegende, Pieter de Villiers, tydens 'n stylvolle middagete by The Green Door-restaurant saam met Mimi Coertse. Sy tagtigste verjaardag is verder gevier deur 'n uitvoering met van sy bekendste musiek-hoogtepunte.

In die uitstalling *Kuns praat / Arts speak* deur Merwelene van der Merwe en Noria Mabasa, is wêreldse bymekaar uitgebring. Dié uitstalling het gewys hoe kuns, deur kontraste, met mekaar kan praat.

'n Belangrike doelstelling van die Woordfees is juis om verskillende kulture bymekaar uit te bring. In *Babelse poësie* (aangebied deur i-MAG) is Afrikaans langs Xhosa en Neder-

lands geplaas. Feesgangers is gekonfronteer met die klanke van 'n bekende teenoor 'n onbekende taal. Ook in die drama *Met woorde* soos met kerse, gebaseer op Antjie Krog se gelyknamige bundel, hoor die gehoor tegelykertyd twee inheemse tale.

Met die Woordfees se nuwe Woorde open Wêreld-projek is die doel om Wes-Kaapse leerders uit voorheen benadeelde gemeenskappe bloot te stel aan die letterkunde. Dertig skrywers-skoolbesoeke is georganiseer, en tydens die Woordfees is 600 leerders met busse aangery om relevante werksinkels – aangebied deur die SBA (Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans) – by te woon. Hierdie leerders het verder die teater ervaar in *Langarm van die gereg*. Die dag is afgesluit met 'n groot musiekkonsert met die Pop Idol Poseletso, Karen Zoid en die Brasse vannie Kaap. Vir baie was hierdie ervaringe 'n eerste keer.

Die groot belangstelling in die Woordfees bewys jaarliks dat Suid-Afrikaners méér van mekaar wil leer, dat mense 'n plek soek om saam te praat oor dinge van belang en dat die letterkunde nie 'n abstrakte affêre is nie, maar ons samelewing weerspieël.

An obsession with one of the world's great classical composers took Old Matie Tanya Mudway, née Van Rheede van Oudtshoorn, on a breathtaking journey from London to Warsaw

Tanya committed to Chopin

London-based graphic designer Tanya Mudway first discovered Fryderyk Chopin while studying graphic art at Stellenbosch University between 1987 and 1990.

She became captivated by the brilliant Polish-born composer, who died of consumption at the age of 39. After reading his letters and the biography of his brief and tragic life, she was stirred to paint his portrait in oils.

She leapt at the opportunity to use this portrait as part of an art school assignment to design a poster for a musical event. This project for her lecturer at the time, Pienaar van Niekerk, culminated in an inspired composition of the likeness of Chopin superimposed on one of his musical scores.

A number years after leaving Stellenbosch, she chanced upon a photograph of Chopin's deathmask on the internet. Her earlier passion for the composer was rekindled and this moved her to dedicate six months of her life to his memory.

"I became intrigued about what he really looked like," says Tanya, now working for PricewaterhouseCoopers at Plumtree Court in London. "I compared all the known portraits with the mask image, and painted a new portrait based on the mask – a reconstruction I did digitally on Apple Mac."

Tanya began this work in February 2003, spending additional hours in the studio each day to complete it. She sent her first attempt to the Chopin Society in Warsaw for their comments.

"They were very enthusiastic and sent a much clearer photograph of the mask – the original being in their collection. They also mentioned wanting to include the portrait in the museum's collection."

This encouraged Tanya to improve on her work. She re-read everything she could find on Chopin and, six months after starting, she arrived at the stage

where she was happy with her finished work.

"I wanted to present it to the Chopin Society in person, so I travelled with my husband, Ian, to Warsaw in September," she says.

Tanya was overwhelmed by the reception she was given. The society had arranged a detailed itinerary covering historic sites relevant to the composer.

An exclusive guided tour to the habitat and haunts of the musician included a trip to Chopin's birthplace, Zelazowa Wola, situated a good distance out of Warsaw, and seats at a special Chopin recital reserved for a privileged few. At the Chopin museum, the curator brought out from the archive those personal effects of the musician too precious to place on public display.

"I saw with my own eyes Chopin's original manuscripts, his gold watch and cuff links, and a lock of hair cut from his head after death; things so valuable I was too scared to breathe over them. I even saw the plaster cast made from the mould taken from his face straight after he had died, showing his eyelashes and the creases about his eyes..."

Tracing the steps of the object of her fascination was a dream come true for Tanya. But knowing that her very own portrait of Chopin now hangs in the Fryderyk Chopin Museum at Ostrogski Castle in Warsaw fulfils her wildest fantasy.

Source: Perspectives (February 2004), magazine of PricewaterhouseCoopers



Navorsing kan lei tot nuwe kiemdodende middels

Navorsers aan die Universiteit bestudeer tans 'n unieke groep antimikrobiële peptiede wat moontlik aanleiding kan gee tot die ontwikkeling van veilige en natuurlike antimikrobiële, oftewel kiemdodende middels, wat in die plek van antibiotika gebruik kan word.

'n Groep navorsers, onder leiding van prof Leon Dicks van die Departement Mikrobiologie, bestudeer reeds etlike jare peptiede, wat deur melksuurbakterieë geproduseer word en die aanwending daarvan in die voedselnywerheid.

Dicks se groep, in samewerking met die Instituut vir Wynbiotegnologie, was ook die eerste wat daarin geslaag het om 'n antimikrobiële peptied van 'n melksuurbakterie met behulp van 'n gis te produseer. Hoewel die meeste peptiede, wat voorheen deur navorsers beskryf is, 'n noudspektrum antimikrobiële werking het en dus net enkele spesies kieme kan doodmaak, het Dicks se groep gevind dat sommige van die peptiede 'n uitermate breë



Prof Dicks (regs) saam met dr André Hoffman, 'n bekende oor-, neus- en keel-spesialis van die Wes-Kaap en hoof-uitvoerende beampte van Sheppard Medical Pty Ltd, wat dié navorsing moontlik gemaak het.

spektrum van antimikrobiële werking het en ook baie stabiel is. Hierdie peptiede stuit ook nie net bakteriese selle nie, maar maak dit dood – wat beteken dat dit bakteriosidies is.

Dicks sê die peptiede kan moontlik aangewend word om mens- en dierekieme te bestry.

Moontlike gebruike is die topikale beheer van bakterieë wat die middeloor affekteer en moontlik ook die res van die boonste lugweg. Hulle navorsing het getoon dat 'n aantal bakterieë, wat uit pasiënte met sinusitis en oorinfeksies geïsoleer is, baie suksesvol in die laboratorium beheer kan word.

"Sover ons kennis strek, is die peptiede veilig en hou dit geen nuwe-effekte vir mens en dier in nie," sê Dicks.

Hy glo dat nog navorsing aanleiding kan gee tot die ontwikkel van natuurlik-geproduseerde kiemdodende (antimikrobiële) middels met 'n farmaseutiese toepassing.

Improvement of food safety and the combating of risks related to food safety and security - with Africa as the focus point - were the main topics of the first ever Africa workshop of the International Committee for Food Microbiology and Hygiene (ICFMH) held at Stellenbosch University (SU) towards the end of last year.

The proceedings were sponsored by the ICFMH which is a permanent committee under the umbrella of the International Union of Microbiological Societies (IUMS). Financial assistance was also received from the Eijkman Foundation at the University of Utrecht in the Netherlands and WAITRO.

Prof Leon Dicks of SU's Department of Microbiology, who together with Ms Stephmarie Strydom of the same department and Dr Maret du Toit of the Institute of Wine Biotechnology at SU had acted as co-ordinators, said much was learnt about food handling, distribution and processing in Africa during the five day duration of the workshop.

Dicks continued: "We addressed several shortcomings in technologies, spoke about promoting collaboration with scientists in

Stellenbosch hosts first IUMS-ICFMH Africa Workshop on Food Safety

South Africa and abroad and discussed ways of providing technical and scientific support where it is needed. Our main endeavour was the improvement of food safety and the combating of risks related to food safety and security, with Africa as the main focus point."

The workshop was officially opened by the Vice-Rector (Research) of SU, Prof Walter Claassen. Speakers included Prof Larry Beuchat of Griffin University in the USA, Prof Pieter Gous of the University of the Western Cape, Prof Wilhelm Holzapfel of Karlsruhe University in Germany, Prof David Mossel of the

University of Utrecht in the Netherlands, Prof Niels Skovgaard of Denmark, Dr Hester Vismer of the Medical Research Council in South Africa, Prof Alex von Holy of Wits University and Dr Darian Warne of Hawthorne in Victoria, Australia.

A total of 25 delegates from afar as well as Benin, Botswana, Burkina Faso, Cameroon, Ethiopia, Ghana, Kenya, Malawi, Nigeria, Sudan, Tanzania, Uganda and Zimbabwe attended. Local delegates were from the Agricultural Research Council (ARC), the Council for Scientific and Industrial Research (CSIR), the Department of Food Control and Health, the South African Bureau of Standards (SABS) and Woolworths. Most of the participants were able to boast a Masters degree in Microbiology, Food Science or related fields and were either involved in teaching at tertiary institutions, or working as advisors to local government and/or industries.

Dicks described the ICFMH's first workshop held in Africa as an unqualified success. He added: "And we at the University can also proudly say that we achieved our own goal, namely the strengthening of collaboration and exchange between Stellenbosch and food microbiologists in Africa."

Groot geld en samewerking vir die kweek van 'natuurlike' mielies

Mielies wat op 'n natuurlike wyse siektebestand gemaak word – eerder as deur genetiese modifikasie (GM) – behoort binne die volgende vier jaar kommersieel beskikbaar te wees – dit is danksy 'n navorsingsprojek van die Fakulteit Landbou- en Bosbouwetenskappe hier in samewerking met vier van die grootste mieliesaad verskaffingsmaatskappye in die land.

Die Innovasiefonds van die Departement Wetenskap en Tegnologie (DST) het R4,6 miljoen vir dié projek bewillig.

Prof Dries Retief van Stellenbosch, wat in beheer van die projek is, verwag dat daar binne twee tot drie jaar saad vir vermeerdering deur hulle vennote in die projek – Pan-nar, Linkseed, Afgri en Nelson Genetics – beskikbaar sal wees. Retief meen die saad sal mielies lewer wat bestand is teen streepsiekte, grysblaarvlek en Noordelike blaarskroei.


Retief stel dit so: “Die verskil tussen genetiese modifikasie (GM) en die teling wat ons doen, is dat ons natuurlike siekteweerstandsgene in mielies identifiseer en deur middel van genetiese tegnieke hierdie gene terugteel in mielielyne wat hoë opbrengste lewer. Dit is dus nie gene van ander spesies wat gebruik word nie, maar natuurlike siekteweerstand mutasies in gene van die mielieplant wat benut word.”

Hy vervolg: “Deur die nuutste biotegnologie, molekulêre genetica, in te span, kan ons nou spesifieke DNA-merkers vir siekteweerstandsgene identifiseer. Hierdie tegno-

logie word in samewerking met die plantetelers gebruik in die teelprogram om mielieplante te identifiseer wat weerstandig is teen die siektes. Blaarmonsters word deur middel van DNA merkers in die laboratorium ondersoek vir die teenwoordigheid of afwesigheid van die siekteweerstandsgene. Hierdie sogenaamde DNA merker ondersteunende seleksie programme verseker dat superieur geteelde lyne verkry word met die bykomende voordeel van bestandheid teen die belangrikste siektes.”

Retief, wat meer as 20 jaar navorsing gedoen het in Mensgenetika en die laaste sowat 12 jaar ook by Plantgenetika en spesifiek mielies betrokke is, sê dat deurbrake in DNA tegnologie oor die laaste twee tot drie jaar telingsmetodes vir die genetiese verbetering van gewasse dramaties verander het.

“Die beskikbaarheid van uitgebreide molekulêre mieliechromosoom-kaarte maak dit nou moontlik om DNA merker ondersteunende seleksieteling in mielies te doen. Dit versnel die telingsproses geweldig omdat ons met absolute sekerheid die siekteweerstands-



Prof Dries Retief

eienskappe by die superieure lyne kan inbou.”

Die voordeel van hierdie samewerkingsprojek, sê Retief, is dat bestaande, beproefde mielielyne, wat spesifiek vir Suid-Afrikaanse toestande geteel is vir hoë opbrengs, verbeter word. Terwyl die navorsers saam met plantetelers die aanvanklike teling doen, sal die saadmaatskappye die vermeerdering behartig en die saad kommersieel beskikbaar stel in Suid-Afrika en moontlik ook aan sekere dele in Afrika.

Mielies is een van die vyf belangrikste gewasse in die wêreld (koring, mielies, rys, aartappels en sojabone) en in Suid-Afrika word sowat 40% van die totale bewerkte oppervlakte jaarliks onder mielie gesit.

Daarom is dit volgens Retief absoluut noodsaaklik vir Suid-Afrika dat plantetelers boere voorsien van goeie gehalte saad wat hoë opbrengste sal waarborg. Siektes kan maklik in sekere gebiede 'n oes met 30 - 60% verminder. Siektebestande mielies sal ook die kostes en skadelike uitwerking van chemiese spuitstowwe op die omgewing beperk.

– KARIN THERON

Smul nou heeljaar aan waterblommetjies!

Waterblommetjies, 'n eg-Kaapse lekkerny waaraan nog altyd net in die winter gesmul kon word, kan nou die heeljaar deur geniet word!

Danksy navorsing in die Departement Voedselwetenskap van die Fakulteit Landbou- en Bosbouwetenskappe is waterblommetjies nou die eerste keer suksesvol gevries met behoud van die pragtige, helder kleure.

Prof Trevor Britz, voorsitter van die departement, sê hierdie navorsing is moontlik gemaak deurdat Agrelek 'n volwaardige voedselverwerkingsaanleg aan die Universiteit geskenk het.

“Dié skenking, ter waarde van sowat half miljoen rand, verbeter ons opleidingsfasiliteite fenominaal en dit skep nuwe navorsingsgeleenthede terwyl dit bestaande navorsing versterk,” sê hy.

Die Departement Voedselwetenskap se vermoë om aan sy studente grondige, praktiese opleiding te gee, wat hulle in staat stel om die teorie in praktyk toe te pas, het met dié skenking van Agrelek 'n stewige hupstoot ontvang.


“Ons kan ook hierdeur 'n beter diens lewer aan kleinboere. Deur dagkursusse in groente en vrugte verwerking en bevriesing in samewerking met Agrelek aan voorheen benadeelde boere te bied, kan ons 'n groter bydrae lewer tot die suksesvolle transformasie van die landbou,” sê Britz. Die groot verskeidenheid verwerkte en geriefsvoedsels wat vandag op die mark beskikbaar is, is te danke aan voedselwetenskaplikes.

– KARIN THERON





Will it work this time?



We don't have the blues...



We did it!

Petri dish of young scientists

IMSTUS is culturing a future generation of scientists for South Africa- by promoting the growth of both teachers and learners alike.

What are the chances that outcomes-based education will succeed in a country where most teachers don't even have a basic knowledge of the subjects they teach; where teachers struggle to involve their learners actively in the learning process; and where teachers don't have the necessary resources to teach?

How can learners grasp subjects like Biology and Physical Science without laboratories? And, to top it all, how do learners pass such subjects if they read with difficulty?

These obstacles create enough concern- without even bringing into account the lack of competent management in schools...

Until 2002, Lucille Dornberg, a teacher at Steynville Secondary School, Piketberg, a rural village in the Swartland, used to be absent from school at least once a week and displayed little interest in her work.

A workshop of the Institute for Mathematics and Science Teaching at Stellenbosch University (IMSTUS) changed her entire outlook and teaching performance.

After participating in a number of sessions, she learned how to create a realistic context for her subject matter, she understood how to assess learners' performance and she began planning ahead. She even enrolled for a course in Eco-tourism. Not only did her life change, but so did the lives of her learners.

Together they began to equip old, unused farm buildings as eco-tourism centers, where they supplied interesting information about the environment to tourists. A girl in Lucille's class even started to cultivate buchu (an indigenous herb with health-promoting properties, that is very difficult to grow) on a patch of land she obtained from a farmer.

Tim Afrika, a science teacher at the St Helena Primary School on the West Coast, conducted classes in a number of learning areas, not focusing on anything in particular.

When the IMSTUS facilitator visited his colleagues, he asked his headmaster if he could focus on the natural sciences. His growth as a teacher was phenomenal.

Today, Tim proudly manages the once dilapidated laboratory, now clean and equipped with the help of IMSTUS. He motivates fellow teachers, inspires parents to be involved in their children's studies, and has organised two IMSTUS boys' camps. He has also enrolled for the Advanced Certificate in Education at Stellenbosch University. All his learners submitted projects to

the 2003 Stellenbosch Regional Expo for Young Scientists – receiving two silver medals on national level!

These examples show that advancement in education can be achieved in spite of a severe backlog, also in historically disadvantaged communities; and that progress is possible even in subjects like Mathematics, Physical Science and Biology.

Since 1977 IMSTUS had been making a considerable contribution to the empowerment of teachers and learners.

Dr JH Smit and his IMSTUS team – also known as 'Kosie and his Angels' – are presently conducting 15 projects in both urban and rural areas of the Cape Metropole, the Boland, the West Coast, and the Northern Cape. These include accredited training programmes for teachers, as well as projects for teachers and learners. (Their address: Institute for Mathematics and Science Teaching, Private Bag X1, Matieland 7602. Tel 021 808 3485, fax 021 808 3000, e-mail: iwvouw@sun.ac.za and web: www.imstus.sun.ac.za).

Perhaps the success of these programmes lies in the fact that they never deal solely with subject content. Teachers learn how to achieve interactivity and learner participation in class. Guidance on matters such as class and school management, reading skills, computer literacy and parent participation are woven into all the projects. Also, the aims of each project is meticulously monitored to ensure results.

But challenges are becoming increasingly greater. Whereas Stellenbosch University and the Department of Education could previously contribute substantially in financial terms, funds are no longer readily available. IMSTUS is therefore dependent upon, and welcomes, donations and sponsorships from individuals, companies and other organisations.

In his foreword in the 2003 annual report of IMSTUS, Dr Smit quotes Danny Thomas as follows: "Success has nothing to do with what you gain in life or accomplish for yourself. It's what you do for others". The exceptional dedication of the IMSTUS team is striking. Though most staff members are employed on only one-year contracts, without benefits, they are imbued with a passion to make a difference.

Learners, too, are filled with fervour. This is how Fatima Kriel, a grade 12 learner of the Rylands High School in Cape Town, worded her appreciation at a recent event:

"We are endlessly grateful to Stellenbosch University for all the time, energy and money spent to make sure that the youth of South Africa is not intimidated by Science, and to change our attitude to this subject. The dream to become a scientist has now become more achievable than ever."

STIAS set to be potent driving force in AFRICAN RENAISSANCE

The Stellenbosch Institute for Advanced Study - STIAS - lies on the 'bleeding edge' of technology, a 21st Century term derived from 'leading edge', the concept being that a 'bleeding edge' is so sharp you can cut yourself!

STIAS in Stellenbosch is a high-level research facility in association with Stellenbosch University. It represents a bold initiative to harness international and local research expertise to focus on matters of special relevance to Africa. It is the first and only research facility of its kind in Africa and unique in comparison to others in the world in that STIAS supports projects involving nature and the human sciences.

The institute achieves its goals by inviting researchers of international repute to work as fellows at STIAS for concentrated periods on carefully selected themes. It has a national and international focus and insists on a level of independence to fulfil its role.

The institute believes that South Africa and

in greater context, Africa, should take full responsibility for their future and that any form of dependency is unacceptable. That said, it is also true that STIAS realizes that the country is inextricably part of the greater whole, Planet Earth.

To achieve its ideals STIAS recognizes the need for lively interaction within the global community.

It is Clem Sunter's 'high road' versus 'low road' philosophy all over again.

On one side looms the possibility of the continent failing to make it on the information highway and becoming marginalised in the global economy, thereby perpetuating chronic poverty and deprivation.

On the other side shines the hope of a new dawn, the promise of Mbeki's African Renaissance. This is the side unequivocally chosen by STIAS.

South Africa's ten years of democracy has

set the nation on a course of playing a leading role in the renewal of Africa. Thabo Mbeki's era carries the hallmark of 'delivery' with the key concepts being efficiency, competitiveness, economic discipline, and self-reliance.

It is clear that STIAS does not see itself as serving the interests of one university or one region. It has national and international focus.

Home for STIAS is the historic manor house and appurtenant buildings on Mostertsdrift, the purchase of which was made possible by several benefactors among whom number the Bosal Group and the Bank of Sweden's Jubilee Fund.

Chief among sponsors of research projects is the DaimlerChrysler Corporation, while a generous donation by the Het Jan Marais National Fund enabled the first phase of restoration work on the gardens of Mostertsdrift to take place.

July STIAS workshop to home in on Theories of Social and Economic Justice

To obtain a measure as to the depth and importance of matters covered by STIAS one has merely to consult its webpage on, for instance, a workshop on Theories of Social and Economic Justice, which it will host on 30 and 31 July 2004,

The following info is divulged:

"The aim of the project on Theories of Social and Economic Justice is twofold. Firstly, to analyse the existing theoretical paradigm within which social and economic transformation takes place in order to identify elements of that paradigm that may inhibit or frustrate transformation. Secondly to investigate alternative theoretical paradigms that may provide better support for (rather than resistance against) transformation.


"Social and economic justice is one of the most important and problematic aspects of the transformation process in South Africa.


"Superficially, the changeover from apartheid to a democratic state, premised upon justice and equality, seems to require little more than transformation-oriented government policy and new laws to implement that policy.

"However, matters are considerably more complicated than this, and it should come as no surprise that the government is consistently criticized for the slow rate of delivery on transformation promises.

"The fact is that a move from social and economic inequality towards social and economic justice requires energy and momentum from various government policies, authorized by and regulated through a wide range of national and provincial legislation ..."

One can see from this brief overview of just one workshop, selected at random, how important the work of STIAS can be.





Historic Mostertsdrift at the core of dynamic Institute

For more than three centuries historic Mostertsdrift lay in private ownership. In 1996 it passed into the hands of Stellenbosch University and now this land, once tilled by one, Jan Mostert in 1683, 'tills' the best minds in the world to drive South Africa and Africa forward into the 21st century.

The 2.6-hectare property at the corner of Jonkershoek Road and Marais Street is home to the Stellenbosch Institute for Advanced Studies - STIAS. Johannes (Jan) Cornelisz Mostert could not have had an inkling of what lay 300 years down the line for his chosen land.

It has been a long haul for the University to realize its ideals for the historic manor house and appurtenant buildings, gardens and wine cellar. There was much work to be done, work that would cost a lot of money. Fortunately, generous benefactors were waiting in the wings.

Karel Bos, chairman of Bosal International, provided the bulk of the funding needed to restore and rebuild the historic homestead in proper fashion.

The Bank of Sweden Tercentenary Foundation contributed generously to the restoration of the old wine cellar, now a venue for special STIAS programmes. The Executive Director of the Foundation, Professor Dan Brändström, has been one of STIAS' most devoted supporters, has backed research projects, and participates in co-operative research with the Institute.

The garden at Mostertsdrift is a jewel in its crown. The Het Jan Marais Nationale Fonds made possible its restoration to former splendour.



Above: A view of the manor house on the historic farm, Mostertsdrift, after restoration to the value of R4,1 million. The refurbished building now serves as the headquarters of the Stellenbosch Institute for Applied Study (STIAS). The restoration of the house, old wine cellar and garden was made possible by donations.

Far left: A glimpse of the garden from the front door of the 'voorkamer'.

Left above and below: The library and conference room in the restored manor house.

Below: The large sittingroom is furnished with antique furniture and paintings on loan from the University Museum, the Stellenbosch Museum and the Izika Museum in Cape Town.

Pictures: Anton Jordaan



YOUNG campus company's OLD name spells 'access to innovation'

Attrahent, a dynamic young company associated with Stellenbosch University and its Unistel Group of companies, provides innovative solutions to a wide variety of clients

Atrahent provides access to technical skills, intellectual property, research, design, development, and consultation. Attrahent is also connected to the broader South African innovation system and has also established itself in Canada.

In short, Attrahent means access to innovation!

Attrahent Campus Innovations (Pty) Ltd was founded in 2002 – in conjunction with Unistel-Consultus and the Unistel-group – to form part of Stellenbosch University's initiative for the commercialisation of its technical skills and intellectual property.

Attrahent?

Originally the company was known as Unistel Commercial (Pty) Ltd. This name was changed to Attrahent, an archaic Old English word, meaning "to attract" or "attract here" – reflecting the company's dynamic approach to its role as an innovative solutions-provider.

Having been founded by individuals with strong technical and engineering skills, the company prides itself in addressing unique requirements effectively by having a holistic approach to each project and product that it produces.

Attrahent has a reputation for efficiently adapting itself to accommodate each project it undertakes, and its success-record during its short existence speaks volumes for the enthusiasm with which each initiative is undertaken.

- In 2003 the company - in cooperation with its partner, Unistel-Consultus - achieved great success with the official national rollout of the CPD-Well platform, with which psychologists are now able to earn their annual CPD-point allocation online, therefore eliminating expensive travelling costs and lengthy sessions.
- Attrahent has also applied its web-application and database knowledge in providing a powerful solution by which Consultus Conferences (a division of Unistel-Consultus) has successfully accepted online registrations and payments for conferences by its delegates.
- A unique, fully-fledged e-commerce and shopping-cart solution is currently being rolled out and has already inspired great reaction from within university departments for its possible applications and benefits.
- Attrahent recently obtained a government contract for the development of an efficient property management software-system.

The company has come a long way from its initial conceptualisation, but has retained its roots as an easily accessible and open vehicle for tailor-made solutions to difficult problems - it has partnered well with Stellenbosch University in playing a role to take "Your partner in knowledge" to "Partnering for innovative solutions."

In delivering solutions, Attrahent draws on

the vast expertise available from its own staff, from the South African innovation system, as well as from numerous companies allied with Stellenbosch University.

Some current focus areas and projects include:

E-commerce and on-line payment processing

A unique low-cost e-commerce platform being developed, can be integrated with any existing website. This platform includes a shopping cart and a back-office and allows for the secure online processing of credit card payments. The aim is to enable research and project teams based at the University and elsewhere, to use e-commerce to provide their commercial outputs to the broader public/international market.

This payment processing mechanism allows for funds to be received and paid over directly to our client's existing cost-centre. Invoicing, therefore, still remains the responsibility and under the full control of individual clients.

In this way more than a quarter-million rands worth of transactions for congress reservations has been processed, for events being coordinated by another campus company – events as varied as the congress for the International Association of Periodontologists and the Family Practitioners' congress.

Web applications using Python

Attrahent prefers Python and Python-based systems for developing web applications – because it's an exceptionally powerful language, and developers who have used it agree that systems can be developed incredibly fast and effectively.

Database Systems

Attrahent designs relational databases and implements online client-specific database management systems.

Engineering Projects & Consultation

The company contracts and consults to industry on various engineering and technical projects, including product development, electronics, signal processing, telecommunications, hardware, software, electromagnetics, research, and much more.

- ♦ *Contact details:* (University personnel's "lnetkey" must be open); e-mail: projectinit@attrahent.com; tel. 021 808 2342; fax 021 808 2114; Van der Sterr Building, Victoria Street, Stellenbosch.



Prinses Astrid se aankoms by die Universiteit, waar die rektor, prof Chris Brink, haar verwelkom het en sy die besoekersboek in die rektorskantoor onderteken het.



Belgiese prinses besoek kampus

Princes Astrid, 'n lid van die Belgiese koningshuis, het die Universiteit besoek terwyl sy vir pres Thabo Mbeki se inhuldiging in Suid-Afrika was. Die prinses, wat president van die Belgiese Rooi Kruis-vereniging is, is by die Universiteit onder meer ingelig oor navorsing en internasionalisering aan die US en oor die Universiteit se program om studente van benadeelde gemeenskappe te ondersteun.

Sy is ook ingelig oor die US se betrokkenheid in die gemeenskap en prof Jan du Toit van die African Centre for HIV/Aids Management aan die Universiteit het in die JS Gericke-biblioteek se auditorium vir die prinses en haar gevolg 'n aanbieding oor dié sentrum se werk gelewer. Sy het die Africana-afdeling in die biblioteek besoek en is onthaal by die Mosterdsdrift-herehuis van die Universiteit, waar die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Studie (Stias) gesetel is.

Verteenwoordigers uit die gemeenskap asook senior studente en personeellede van die US is na dié byeenkoms genooi en die burgemeester, raadsheer Willie Ortell, se vrou het 'n geskenk aan die prinses oorhandig.

Foto's: Anton Jordaan



In die Africana-kamer by die JS Gericke Biblioteek gesels prinses Astrid met Hanna Botha, hoof van Spesiale Versamelings, wat die Africana-versameling insluit.



Verteenwoordigers uit die gemeenskap asook senior studente en personeellede van die US is na die byeenkoms by Mosterdsdrift genooi om met die prinses kennis te maak. Links is sy en van die studente wat die byeenkoms



bygewoon het. Tydens die geleentheid het die burgemeestervrou van Stellenbosch, raadsheer Willie Ortell, se vrou 'n geskenk aan die prinses oorhandig.

Foto's: Anton Jordaan

Die uitstyg-toekenning gee erkenning aan studente wie se prestasie uitmuntend is ondanks uiters moeilike omstandighede waarin hulle gelewe en gewerk het

Universiteit huldig DRIE VASBYTERS

Die Uitstyg-toekenning van prof Chris Brink, rektor van Stellenbosch, is vroeër vanjaar die eerste keer gedoen. Dit beloop tot R50 000 elk en sal jaarliks aan die ontvangers daarvan geleentheid bied om hulle volle akademiese potensiaal te ontwikkel. Die eerste ontvangers is Noel Jacobs, 'n doktorsale student in Kernfisika, Elize Julius, 'n derdejaarstudent in Teologie, en Tamara Postma, 'n tweedejaarstudent (BComm in Wiskundige Wetenskappe).

NOEL JACOBS is in Guguletu gebore en het in 'n enkelouer-gesin grootgeword. Sy ma was 'n huishulp wat die gesin deur moeilike omstandighede bymekaargehou het. Sy hoërskoolloopbaan is 'n paar keer onderbreek deur onluste en wegbly-aksies en dit was vir hom 'n groot uitdaging om matriek suksesvol te slaag, ook omdat goed opgeleide onderwysers in Wiskunde en Wetenskap baie skaars was. Noel het egter geslaag – veral danksy die feit dat hy en 'n paar vriende die matriek-syllabus in die hande gekry, hulself geleer en oor naweke ekstra klasse bygewoon het. Hy het matriek met universiteits-toelating geslaag.

Na twee jaar het hy eers genoeg geld gehad om aan die UWK in te skryf. Hy was so arm dat hy soms klasse op 'n leë maag moes bywoon omdat daar net nie genoeg geld was vir klasse, vervoer én kos nie. Hy het egter deurgedruk en deur lenings te bekom, het hy BSc geslaag. Teen hierdie tyd was sy akademiese doelwit reeds vasgestel. Hy stel dit so:

"My uiteindelijke doel is om 'n wetenskaplike te word omdat ek nog nooit 'n swart persoon om my af in my gemeenskap gesien het wat 'n wetenskaplike is nie."

Hy slaag ook honneurs en 'n M-graad in Fisika aan die UWK. Hier het hy ingeskryf vir 'n doktorsgraad in Kernfisika. Dit het 'n aan-

sienlike hoeveelheid werk en deurstellingsvermoë gekos aangesien sy meestersgraad op 'n ander terrein van die Fisika gefokus was en is 'n tipe oorskakeling wat alleenlik uiters begaafde studente kan baasraak.

Noel het 'n geweldige terugslag beleef toe sy ma in sy honneursjaar oorlede is. Sy het borskanker gehad, maar hom nooit daarvan gesê nie. Sy is gehospitaliseer net voordat hy sy eerste akademiese konferensie moes bywoon, maar het hom aangemoedig om sy droom na te volg en te gaan ondanks haar siekte. Sy is oorlede terwyl hy by die konferensie was.

Noel het reeds sy eerste akademiese referaat in 'n oorsese joernaal gepubliseer. Hy spog ook met 'n aantal toekennings, o.m. die Beste Aanbieding vir 'n Kernfisika Doktorsale Student op 'n konferensie van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika in 2002 en die Beste Aanbieding in die PhD-kategorie Kern, Uitstraling en Toegepaste Fisika op die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika-konferensie in 2003.

Sy studieleiers sê hy is 'n selfgedrewe student wat sy eie vermoëns ken en wat gewillig is om te doen wat dit ook gaan vra om sy drome en ideale te verwesenlik. In sy eie woorde:

"Met nog een jaar oor staan ek op die vooraand van die voltooiing van my studies en vir my kan niks my doelwit oortref om my PhD-grad aan Stellenbosch te behaal nie – ook omdat ek dit so hoog ag."

ELIZE JULIUS is van Piketberg en tans 'n derdejaar Teologiestudent. Haar pad was nie maklik nie...

Sy het haar skoolloopbaan in 1991 aan 'n klein plattelandse skool op Piketberg voltooi in 'n era waartydens daar – soos sy dit self stel – geen respek tussen leerders en leerkragte was nie. Haar skoolervaring was so negatief dat sy dit geensins oorweeg het om verder te studeer nie. Sy het derhalwe vir twee jaar in 'n kruidenierswinkel gewerk, maar nadat die winkelleienaar 'n dranklisensie bekom het, het sy uit die moed van haar oortuiging bedank.

Haar maatskaplike ingesteldheid het toe reeds begin posvat en sy het twee tydperke van ses maande elk by Youth with A Mission (YWAM) as vrywilliger aangesluit. Sy moes egter haar eie kostes dra en het na voltooiing van twee kursusse by YWAM by 'n vrugteverpakkingsfabriek begin werk waar sy kartonne vir die verpakking van vrugte moes vou. Sy is mettertyd bevorder en na vier jaar was sy in beheer van die maatskappy se padstal. Toe kry sy 'n geleentheid om in New York vir 'n SA-gesin au pair-werk te gaan doen. Na 'n jaar en 'n half oorsee het sy terugkeer en weer in die fabriek gewerk waar sy weer bevorder is. Op Piketberg het sy onder meer 'n koffiekroeg in haar gemeente begin. In dié fase in haar lewe het sy begin glo dat sy wel haar kinderdrome om verder te studeer, kan verwesenlik al was sy reeds veel ouer as die gemiddelde eerstejaarstudent.

Hoewel sy maatskaplike werk of onderwys in gedagte gehad het, het sy vroeg in Januarie

2002, ná 'n gesprek met die leraar in haar gemeente, gehoor dat sy moontlik 'n beurs kon kry om hier aan die Fakulteit Teologie te studeer. Sy het haarself glad nie in kerkleierskap en -administrasie gesien nie omdat die heersende politiek in die kerk en die gepaardgaande konflik haar glad nie aangestaan het nie.

Sy het op Stellenbosch aangekom om te registreer as student in die Teologie – met net R200 in haar sak en die geloof dat alles sal uitwerk. Sy was toe reeds 28 jaar oud.

In haar eerstejaar was Elize in verskeie vakke die top-student in haar klas – onder meer in Grieks I wat sy met 98% geslaag het – en dit ondanks die feit dat sy in 'n stadium vier assistentskappe moes aanvaar om haar studie te kon finansier. Sy slaag haar eerstejaar met nege onderskeidings in 13 vakke – in 2003 (in haar tweedejaar) behaal sy onderskeidings in 14 uit 15 vakke (insluitende 'n punt van 94% vir Grieks II). Een van haar assistentskappe is by die fakulteit se Eenheid vir Godsdiens-Demografiese Navorsing wat onder meer gemeentes begelei om armoede te bestry en om binne gemeenskappe armoede-verwante probleme holisties aan te pak.

Elize is tans een van Stellenbosch se top jong aspirante teoloë.

TAMARA POSTMA is gebore met serebraal gestremdheid en word geklassifiseer as 'n spastiese kwadrupleeg. Op tweejarige ouderdom het dokters aanbeveel dat sy op 'n permanente basis in 'n inrigting vir gestremde persone geplaas word, maar haar ouers het aanhou glo dat sy met die nodige ondersteuning 'n suksesvolle lewe buite so 'n inrigting kan lei.

Op driejarige ouderdom is sy na die Forest Town Skool vir liggaamlik-gestremde kinders in Johannesburg. Sy het leer tik, perdry en selfs klavier speel. Dit was egter maar net die begin van 'n lang en moeilike pad, hoewel sy nooit ophou glo het dat sy eendag 'n normale lewe sal kan lei nie – selfs nie eers deur die vele terugslae en talle operasies wat sy moes oorkom nie.

Toe sy in graad 5 was, het haar ouers in geloof besluit om haar by 'n gewone laerskool in te skryf.

Tamara het hulle nie teleurgestel nie en die bykans onmoontlike vermag deur ondanks 'n milieu, wat hoegenaamd nie vir gestremde persone voorsiening gemaak het nie, steeds op vele terreine te presteer. Sy het akademies begin uitstyg en talle pryse verower. Haar harde werk en inspirerende persoonlikheid is verder beloon toe sy in graad 7 'n prefek van haar skool geword het.

Tamara het besef dat 'n skootrekenaar haar baie handig te pas sou kom en het selfs privaattikwerk begin onderneem om geld te verdien sodat sy een kon aanskaf. Die proses is

egter bespoedig toe sy uit eie inisiatief aan 'n aantal rekenaar-maatskappye geskryf het en 'n skootrekenaar aan haar geskenk is.

Tamara het matriek geslaag met 'n gemiddelde van 93% met onderskeidings in ses vakke en een B-simbool. Sy is tans 'n tweedejaar student hier en studeer BComm(Wiskundige Wetenskappe) – een van die moeiliker programme op kampus. Sy het selfs haar rybewys geslaag ten spyte van vele hindernisse wat sy moes oorkom.

As fietsryer oefen sy op 'n daaglikse basis en het gehoop om gekies te word vir die Suid-Afrikaanse Olimpiese Span na Athene later vanjaar. Ongelukkig moes sy onlangs hoor dat haar kategorie vir gestremde vrouefietsryers nie ingesluit is in die Olimpiese program nie en sal daarom nie Athene toe gaan nie. Sy hou reeds 12 Suid-Afrikaanse fietsryrekords vir gestremde persone en het SA al twee keer by die Europese



Tamara, Elize en Noel

Fietsrykampioenskappe vir Gestremdes verteenwoordig, sowel as by die Wêreld Fietsrykampioenskappe vir Gestremdes. Volkleure vir sport is ook verlede jaar deur die Universiteit aan haar toegeken uit erkenning vir haar voortgesette prestasies as fietsryer op internasionale vlak. Sy het ook by die Maties Dansklub aangesluit en dien in Lydia se Kamavalkomitee.

Sy het 'n paar sterk oortuigings. Een hiervan is dat mense se uitkyk op gestremde persone sal moet verander. In haar eie woorde:

"Die publiek moet opgevoed word om te verstaan dat 'n gestremde persoon ook 'n mens is met hartseer, drome en geluk. Gestremde persone het ook gevoelens en al wat hulle wil hê is om 'normaal' te wees, 'normale' lewens te lei, skool toe te gaan, vriende te hê, sport te beoefen, te sosialiseer, 'n beroep te beoefen, te trou en kinders te hê."

Geskiedenis *QUO VADIS?*

DEUR ALBERT GRUNDLINGH



Albert Grundlingh
is voorsitter van
die Departement
Geskiedenis

Die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch het onlangs by wyse van 'n internasionale konferensie sy 100ste bestaansjaar herdenk. Gedurende dié geleentheid het daar tydens formele besprekingsessies, maar ook in die wandelgange en tydens sosiale byeenkomste 'n aantal pertinente kwessies ter sprake gekom. Sommige van dié aangeleenthede word kortliks hier aangesny.

Een saak wat voortdurend na vore gekom het, was in watter mate die geskiedenis van die hede afhanklik is. Die algemene denkrigting was dat elke generasie vra nuwe vrae aan die verlede en verskaf vars perspektiewe wat slegs positief op die vak kan inwerk. Dit beteken egter nie dat ongebreidelde en onnadenkende presentistiese uitgangspunte bloot aanvaar moet word nie.

Die vrae en antwoorde moet nog steeds binne die bepaalde historiese konteks sin maak en daar behoort 'n sensitiviteit vir die eiesoortigheid en integriteit van die verlede te wees. Van die meer onkritiese werke oor die geskiedenis van die African National Congress getuig byvoorbeeld van so 'n presentistiese uitgangspunt; vanuit hierdie hoek word daar bloot geskryf asof dié organisasie van meet af gepredisponeer was om Suid-Afrika te regeer.

Dit is 'n simplistiese narratief en bloot 'n geval van die "opkoms, die opkoms en die opkoms" sonder dat interne konflikte, laagtepunte en internasionale verwikkelinge enigsins figureer.

Dieselfde kritiek kan natuurlik ingebring word teen vroeëre geskiedskrywing oor Afrikanerdom wat dergelike gebreke getoon het.

'n Ander kwessie wat druk bespreek is, was die sogenaamde "kreeftegang" van die vak op skool en universiteit. Hoewel daar kommer uitgespreek is, was daar ook 'n besef dat veranderende tye andersoortige eise stel. Wat as 'n "kreeftegang" beskou word, behoort teen die agtergrond van politieke werklikhede beskou te word. In die lig hiervan kan die posisie van geskiedenis as 'n realistiese aanpassing gesien word na die apartheidsjare waartydens pro- en anti-apartheid politiek dikwels die geskiedenis as 'n nuttige ideologiese arsenal gebruik.

Vandag is dit moeilik om iemand teen te kom wat ooit apartheid gesteun het; trouens, teen die tempo wat die apartheidsverlede vergeet word, lyk dit asof daar 'n verkeersopeenhoping op die pad na Damaskus is. Wat die voormalige anti-apartheidsgroepe betref, stel hulle nog in die verlede belang in soverre dit die "triomfankelikeid van die stryd" uitbeeld, maar aangesien dit grootliks reeds gewonne politieke stryd is, staan dit nie meer so sentraal in die daaglikse handel en wandel nie.

Aansluitend hierby is die wyse waarop die verlede in die openbare domein deur middel van monumente, vryheidsparke en museums aan die orde kom. Die erfnisbedryf is uit huis uit geneig om eendimensioneel te wees aangesien hulle dominante funksie is om 'n relatiewe eenvoudige boodskap sonder te veel nuances uit te dra. Hierbenewens speel die toerismemark ook in op die skepping van erfnis wat tot verdere ooreenvoudiging lei.

Wat Afrikaanse geskiedskrywing betref, is daar 'n hele aantal referate gelewer. Die Stellenbosse departement was vir lank een van die toonaangewende departemente in die land en die konferensie was dan ook 'n geleentheid om 'n bestekopname te doen van wat die departement vermag het. Eweneens van belang was wat die toekoms vir die departement inhou.

Die Departement bevind hom te midde van 'n herposisioneringsproses en vernuwing ten opsigte van kursusinhoude en navorsingtematologie. Die Afrikaanse verlede leen hom ruim tot hervertolking soos Hermann Giliomee se magistrale werk ("The Afrikaners: Biography of a people") onlangs aangetoon het.

Nagraadse studente word aangemoedig om die Afrikaanse geskiedenis (insluitend die geskiedenis van bruin gemeenskappe) vanuit ongewone hoeke te benader en sodoende nuwe kennis oor die Afrikaanse leefwêreld te genereer wat kan bydra om 'n meer geskakeerde, oorkoepelende beeld te lewer.



'Afrikaanse' Amerikaner ontvang Pro Bene Merito

'n Amerikaner wat Afrikaans leer praat het en veral veel vir ons biblioteekdiens en inligtingsbedryf beteken het, is die negende ontvanger van die Universiteit se prestigeryke Pro Bene Merito-medalje.

Mnr Wim Luijendijk, onderpresident van EBSCO Industries in die VSA en uitvoerende direkteur van EBSCO Information Services, Europa, het die toekenning op die hoofkampus van die rektor en visekanselier, prof Chris Brink, ontvang. Hy is nie net vereer vir sy bydrae hier nie, maar ook vir sy rol in die ontwikkeling van die biblioteekdiens en inligtingsbedryf in Suid-Afrika.

Die Pro Bene Merito-medalje word toegeken vir buitengewone diens aan die Universiteit, nasionaal of internasionaal en Luijendijk het hom op albei terreine onderskei as 'n waardige ontvanger van die toekenning.

Op binnelandse vlak word dit toegeken vir 'n deurlopende bydrae om die algemene belange en naam van die Universiteit oor 'n wye verskeidenheid terreine te bevorder – en internasionaal vir die bevordering van die Universiteit se belange, veral in die akademiese gemeenskap en die institusionele gemeenskap wat verband hou met die akademie.



Wim Luijendijk (regs) ontvang die Pro Bene Merito-toekenning van die rektor en visekanselier, prof Chris Brink.

Luijendijk het in die Ekonomiese Wetenskappe aan die Erasmus Universiteit in Rotterdam gegradueer. Hy is 33 jaar al aktief betrokke in die inligtingsbedryf en het 'n besondere aanvoeling vir Suid-Afrika se ekonomiese realiteite.

Sedert 1984 dien Luijendijk die Universiteit op verskeie vlakke. Hy het meegehelp dat die Universiteit in dié tyd deel kon wees van die nuutste ontwikkeling in inligtingverskaffing vir onderrig en navorsing. Hy het ook in moeilike tye toegesien dat die vrye vloei van inligting vir navorsing en onderrig steeds geskied en só 'n besondere bydrae aan die akademiese gemeenskap gelewer.

Veelsydige Marlize wen Kanseliersmedalje


Marlize Schoeman het verlede jaar die gesogte Kanseliersmedalje gewen. Sy het die besonderse prestasie behaal om gelyktydig in Desember die B-graad in Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese (met Rekenaarwetenskap) en die graad MSc in Elektroniese Ingenieurswese (met Rekenaarwetenskap) te verwerf, albei *cum laude*.

Sy het 'n gemiddelde persentasie van 92,79% deur al haar studiejare gehandhaaf en het op voorgraadse én magistervlak die hoogste akademiese prestasie in die geskiedenis van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese behaal. Haar magistertesis is deur twee vooraanstaande buitelandse vakkeners as van "PhD-gehalte" beskryf en haar punt van 95% is die hoogste wat nog in die departement toegeken is.

In 'n sterk manlik oorheersde omgewing is sy die afgelope ses jaar as jaargroepvertegenwoordiger verkies en het ook as akademiese mentor opgetree. Sy is ook lid van die Akademiese Belangeraad Ingenieurswese en 'n junior lektor in die departement.

Haar betrokkenheid by gemeenskapsprojekte soos die internasionale *Habitat for Humanity*-behuisingsorganisasie, haar deelname aan verskeie sportsoorte en haar lidmaatskap van internasionale organisasies soos die Institute for Electrical and Electronic Engineers (studentelid) en - op uitnodiging - van die Golden Key Honour Society is sprekend van haar veelsydigheid.

- Die Kanseliersmedalje word jaarliks toegeken aan 'n uitmuntende finalejaarstudent aan die Universiteit van Stellenbosch.



Marlize Schoeman

Kanselier, twee dosente deur Akademie vereer

Die kanselier, prof Elize Botha, gaan die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se hoogste toekenning – erelidmaatskap – ontvang. Dit word verleen ter erkenning van buitengewone dienste aan Suid-Afrika, aan Afrikaans of aan die Akademie.



Kanselier Elize Botha

Prof Botha – die Universiteit se eerste vrouekanselier wat verlede jaar vir 'n tweede termyn van vyf jaar in dié amp aangewys is – word onder meer vereer omdat sy steeds haar groot intellektuele vermoëns asook diepgaande vakkundige kennis en vaardighede in diens stel van die internasionale akademiese gemeenskap en die breë samelewing. Sy is emeritus-professor in Afrikaans aan Unisa.

• Prof Bernard Combrink, gewese dekaan van die Fakulteit Teologie, gaan met die Ds Pieter van Drimmelen-medalje vereer word en die Stals-prys vir geskiedwetenskappe is aan prof Hermann Giliomee, buitengewone professor in Geskiedenis en oud dosent hier, toegeken.

• Die toekennings en pryse word op twee bekroningsplegtighede oorhandig – op 25 Junie op die kampus van die Noordwes-universiteit op Potchefstroom en op 7 Oktober op Stellenbosch.

Amanda Gouws medewenner van wêreldprys

Prof Amanda Gouws, hoof van die Departement Politeke Wetenskap, en haar Amerikaanse medeskrywer, dr James Gibson van die Universiteit van Washington in St Louis, Missouri, is die eerste ontvangers van die Alexander L George-boekprys van die ISPP (die Internasionale Vereniging vir Politeke Wetenskap). Hulle



Amanda Gouws

boek, *Overcoming intolerance in South Africa: Experiments in democratic persuasion*, is die eerste oor politieke sielkunde en word aan talle Amerikaanse universiteite deur nagraadse studente gebruik. Die eerste oplaag is uitverkoop.

Hoë eer uit Leiden vir James Fourie

Die EM Meijers-toekenning, die hoogste eerbewys van die Universiteit van Leiden se regsfakulteit, is aan die dekaan van Stellenbosch se Fakulteit Regsgeleerdheid, prof James Fourie, gedoen.

Die toekenning is na die vermaarde Nederlandse juris EM Meijers vernoem en is sedert die instelling daarvan 20 jaar gelede nog net een keer elke twee jaar aan mense of instellings, wat 'n betekenisvolle bydrae tot die fakulteit en sy bedrywighede lewer, gedoen.

Dié gesogte toekenning van die Leidse regsfakulteit is op die hoofkampus aan Fourie oorhandig deur dr Arthur Elias, vroeër onderdekaan van dié fakulteit en op die oomblik medewerker in hulle personeel met die opdrag "regsgeskiedenis" – dit is gedoen in opdrag van meester JA Blok, die dekaan van Leiden se regsfakulteit.

Fourie is vereer "vanwege zijn reeds tien jaar durende inzet en inspanning om de banden tussen Leiden en Stellenbosch te onderhouden en met inzet van zijn eigen persoon te bevorderen. Hierbij word met name betrokken zijn persoonlijke inzet bij de uitsending van Stellenbosche studenten naar Leiden en de opvang van de Leidse studenten in Stellenbosch."

James Fourie het in 1995 die eerste vaste dekaan van Stellenbosch se regsfakulteit geword. Hy was van 1991 tot 1994 roterende dekaan en



Prof James Fourie (regs) ontvang die Leidse regsfakulteit se hoogste vereëring van dr Arthur Elias.

vroeër ook etlike termynne hoof van die Departement Handelsreg. Hy het hier gestudeer en die grade BA (Regte) in 1964 en LLB in 1966 geslaag. In 1978 het hy die graad LLD aan Unisa en twee jaar later ook 'n sertifikaat in Belastingreg aan vermeldde universiteit verwerf. Hy was van 1998 tot 2003 ook lid van die Raad (as verteenwoordiger van die Senaat).

Die gesogte Presidentstoekening van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) is op 4 Junie vanjaar aan dr Hanlie Moolman-Smook van die Departement Geneeskundige Biochemie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe oorhandig. Dié toekening word jaarliks deur die president van die NNS aan navorsingswetenskaplikes jonger as 35, wat uitsonderlik presteer, gedoen. Hanlie is een van net twee wat dit vanjaar ontvang het.

Die NNS se vise-president, dr Gerhard von Gruenewaldt, het die hoofkampus 'n ruk gelede besoek om onder meer die toekening met haar te bespreek.

Hanlie se navorsing handel oor die genetiese oorsake van hipertrofiese kardiomiopatie of siekte van die oorgroeide hartspier – 'n studieveld waarin o.m. navorsing gedoen word oor die skielike dood van oënskynlik fikse, gesonde jong mense, soos die 19-jarige Ierse rugby-

Presidentstoekening aan Hanlie Moolman-Smook



'n Foto geneem met die besoek van dr Gerhard von Gruenewaldt, vise-president van die NNS, aan die hoofkampus om onder meer die Presidentstoekening met dr Moolman-Smook (derde van links) te bespreek. Hier, saam met haar, is (vlnr) dr Von Gruenewaldt, prof Piet Steyn, senior direkteur (navorsing), prof Chris Brink, rektor, prof Walter Claassen, viserektor (navorsing) en me Candice Levieux, fokusareabestuurder van die NNS.

jonger as 35, wat 'n uiters waardevolle bydrae tot Biochemie en Molekulêre Biologie in dié land gelewer het, is reeds aan haar gedoen. Sy werk gereeld saam met navorsingsgroepe in die RSA, Engeland, Frankryk en Denemarke en het al in laboratoria in Israel, Frankryk en Oxford (in Engeland) gewerk. Sy het ook reeds wyd gepubliseer.

speler wat onlangs in Durban in 'n wedstryd tydens die onder-19 Wêreldbeker-toernooi dood is.

Sy is sedert 1989 aan die fakulteit verbonde en het tot spesialis-wetenskaplike gevorder. In dié tyd het sy ook die grade MSc en PhD (onder leiding van prof Valerie Corfield) verwerf. Sy spog met 'n uitmuntende navorsingsrekord – twee navorsingsinisiatief-toekenings (elk van sowat R1,5 miljoen) van die Wellcome Trust, 'n Wellcome Trust korttermyn reistipendium en die SA Vereniging vir Biochemie en Molekulêre Biologie se Beckmann nasionale silwer medalje vir 'n wetenskaplike

Quality of USB's MBA confirmed

Stellenbosch University's Business School (USB) was one of only six business schools to receive the good news that its MBA programme had been granted full re-accreditation by the Higher Education Quality Committee (HEQC) of the Council on Higher Education.

This followed a stringent quality assurance exercise to which MBA providers in South African were subjected last year.

Altogether 37 programmes offered by 27 public institutions (universities and technikons) and private providers (both local and foreign) were put to the test. The results were announced on 20 May.

Professor Wim Gevers, associate director, academic and head of the MBA programme at USB, said the re-accreditation process was in the best interests of the MBA industry, the business sector and individuals who pay a lot of money for this qualification.

"Now for the first time everybody is pro-

tected and the public knows which MBA programmes are in compliance with the minimum standards," he stated.

He felt that the HEQC had addressed all the important criteria. Thirteen criteria had been applied, scrutinising aspects such as MBA programme content, learning processes, assessment and research. Resources, staffing and governance had also been looked at.

Director of the Business School, Professor Eon Smit, commented that, with fewer schools awarding MBAs in South Africa, the average quality level of the South African MBA would be improved considerably. This boded well for the business learning industry generally.

"Business school clients will be better served - from those students who want to gain real competencies, to their potential employers who want to benefit from those

competencies," he said.

His impression of the review was that it had been strict, fair and transparent.

The top schools like USB have already subjected themselves to external scrutiny by benchmarking themselves against the best MBA providers in the world. The Business School has two international accreditations - EQUIS and AMBA.

"The placing of the top schools is no surprise," Gevers remarked, "as the South African market has already, in two annual surveys, placed these schools in the top positions over the past couple of years. Now an independent and thorough audit has confirmed these popular rankings."

While only six institutions were awarded full accreditation, 12 received conditional accreditation, and ten did not make the grade.

Heidi bevind haar in 'n 'warm verhouding...'

Alumni-verhoudingsbou – 'n interessante benaming vir die interessante pos wat sedert Januarie binne die US Stigting geskep is met die doel om US-alumni-verhoudinge nasionaal te koördineer, asook alumni in die buiteland van US-sake op hoogte te hou.

En die persoon wat stelling in die nuwe, warm verhoudingsbou-stoel ingeneem het, Heidi October, sê tot dusver is elke ontmoeting met alumni vir haar 'n "opwindende belewenis – elkeen het 'n storie om te vertel en met elke ontmoeting kry ek nuwe idees om die 'verhouding' passievol en vung te hou."

Sy sê sy wil graag alumni se menings, idees en verwagtinge vir hulle toekomstige verbintenis met die US na eie bodem terugbring en saam met haar kollegas besin oor maniere hoe om aan hierdie verwagtinge te voldoen.

Heidi vertel geesdriftig:

"Met die steeds veranderende studente-korps is dit tog vanselfsprekend dat vanjaar se finalejaarstudente aanstaande jaar eerder oor meer onlangse gebeure sou wou gesels. Maar, met 'n onlangse besoek aan die Vrystaat, het 'n vriendelike bejaarde alumnus my byvoorbeeld ernstig vemaan om toe te sien dat Stellenbosch nie te veel verander sodat hulle later nuwe padaanwysings sal moet kry om Victoriastraat te vind nie! Verblydend tog is die besef dat in hierdie selfde 'aanmaning' ook die ondersteuning en versekering kom dat elkeen, in hierdie geval, 'rigtingwysers' is."

Sy sê die Universiteit beskou sy vennootskap met sy alumni as 'n lewenslange een en met hierdie hernieuwe klem op die verhoudingsbou-element word sy toegewydeheid tot dié vennootskap verder beklemtoon.

"Veranderings is met ons, waar jy ookal jou as Oudmatie bevind. Met elke alumni-ontmoeting besef 'n mens weer opnuut dat Stellenbosch – wat die gemene deler van Oudmaties is – ook 'n insiggewende veranderlike is, soveel so, dat dit indirek elke Oudmatie se Suid-Afrikaanwees beïnvloed en dat die US binne die Suid-Afrikaanse konteks 'n belangrike skakel te midde van al hierdie veranderings is," sê sy.

Sy vervolg: "Blaai 'n mens vandag deur tydskrifte en koerante, besef jy daar is Oudmaties op elke gebied wat hulle binne hul beroepsveld – nasionaal en internasionaal – as pasaangeërs onderskei. In die onlangs vervaardigde nuwe alumni-video, noem ons 'n hele rits welbekende Oudmaties wat hulle plek in die wêreld volstaan, mense oor wie in eie reg eintlik 'n dokumentêr gemaak sou kon word. En dan besef jy: die US bly inderdaad 'n gerekende internasionale erkende kennisvennoot en dis 'n status wat hy deur middel van sy vennootskap met sy oudstudente wil behou en verder wil verstewig."

Heidi sê sy en haar kollegas is baie opgewonde oor die opwindende nuwe alumni-portaal wat by www.matiesalumni.net geskep is en waar 'n eksklusiewe ruimte

spesiaal vir alumni gepersonifiseer word. "Ons hoop om alumni hierdeur beter op hoogte te hou van alles waarby hulle betrokke kan raak en waar ons hulle as mentors kan gebruik (lees op bladsy 31 meer hieroor).

Die Alumni-kantoor bied vanjaar 'n lywige program aan.

"Ons reël 'n glansaad vir ons jonger generasie in Gauteng met 'n konsert waaraan verskeie kunstenaars – almal alumni – sal deelneem. Ons sterre in die vermaaklikheids-wêreld gaan ook hierby betrek word. As deel van SA se tienjarige demokrasie-feesviering reël ons 'n spoggeleentheid vir vroue-alumni waar ons erkenning gaan gee aan 'n aantal vroue wat 'n belangrike bydrae tot die land lewer – 'n projek waarby ons Kanselier, prof Elize Botha, nou betrek word. Die lede van die Oudmatie-veldryklub en -gholfklub het eweneens vol programme en dan is daar natuurlik ook nog die byeenkomste vir ons alumni in die Verenigde Koninkryk, Nederland, Nieu-Seeland en Australië wat vir vanjaar geskeduleer is.

"In 'n neutedop: om 'n verhouding vurig te hou, moet die vlam deur al die partye lewend gehou wil word. Reg? En of jy nou 'n rigtingwyser, 'n vennoot of metgesel is en uit watter hoek jy ook al na hierdie mosaïek kyk ... jou plek in die skakel is so seker soos wat die 'Bos-aan-die-brand' sal bly," is haar boodskap aan alumni.

Wat Heidi October betref, brand hierdie verhouding se vlam sterk...

♦ Heidi, afkomstig van die klein plattelandse dorpie, Stanford net buitekant Hermanus, oudleerder van Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad en Hoërskool Hermanus, is self 'n Matie-alumnus en reeds die afgelope nege jaar by die US betrokke. Sy het as student in die huiskomitee van Nemesia gedien, as bedrewe redenaar haar standpunte op kampus gelug, 'n termyn as SR-lid vir sosiale sake gedien en ook US-erekeure vir dienslewering tot die studente-unie ontvang. Tot onlangs nog was sy in die pos van kommunikasiepersoon vir US-veiligheid en het sy die Universiteit reeds op verskeie gebiede, konferensies en onlangs in die VSA verteenwoordig.







 Customize
 Help
 US Tuis
 Logout

forever maties vir altyd
Welkom L Greeff
May 12, 2004

Tuis
My Inligting
Gebeure
Klubs
In My Dae
Mark
Sake-netwerk
Praat Saam
Steun die US
Die Konvokasie
Kontak on

Die Universiteit van Stellenbosch stel bekend:

www.matiesalumni.net

'n splinternuwe, interaktiewe aanlyndiens vir Oudmaties!

Herleef Matie-wees

... enige tyd, wêreldwyd

Die Universiteit en sy Alumni-kantoor versterk bande met Oudmaties deur middel van 'n gereelde nuusbrief, *Alumnus*, 'n half-jaarlikse glanstydskrif, *Matieland*, verskeie byeenkomste wêreldwyd en die webwerf. En nou is dié webwerf pas omskep in 'n veeldoelige en interaktiewe ruimte, alleenlik vir Oudmaties, om geleentheid te gee aan belangstellendes om gereeld by die Universiteit betrokke te bly.

Me Lize Esterhuizen, die Universiteit se webredakteur, sê heelwat navorsing is oor die behoeftes van Oudmaties gedoen voordat die inhoud van die webportaal saamgestel is. "Die nuwe ruimte – www.matiesalumni.net – sal van hulp wees om in hierdie behoeftes te voorsien en sal Oudmaties nog nouer met *Matieland* verbind."

Op die nuwe webportaal kan Oudmaties op hoogte bly van die Universiteit se belangrike fokusareas soos diversiteit en ook bv. kennis neem van ander belangrike aspekte soos innovasie. Daaglikse nuusbrokies van kampusgebeure sal ook daar gepubliseer word. Met dié nuwe interaktiewe ruimte, het Oudmaties ook geleentheid om hulle mening oor gebeure op kampus te lug. So kan almal betrokke bly, hulle sê sê en hul kennis en ervaring met die Universiteit en

ander Oudmaties deel.

Oudstudente kan inskakel by reeds bestaande klubs, byvoorbeeld die 4X4-klub en gholfklubs en ook op hoogte bly van ander Alumni-byeenkomste wêreldwyd. Daar kan gekyk word na persoonlike inligting en kontakinligting kan opgedateer word. Kyk watter nuwe seminare en kursusse beskikbaar is en, vir dié wat graag die kampus vir ander wil wys, is daar 'n fotogallery met pragfoto's van die kampus en omgewing.

Op die "Sakenetwerk" sal Oudmaties hulle besighede of dienste kan adverteer. Dié wat sake-ondernemings het, of bloot hulle vaardighede en kennis wil deel, kan beslis groot voordeel uit hierdie ruimte trek.

Via die "Mark", 'n tipiese snuffelkolom, sal Oudmaties goedere kan verkoop en vernuil teen 'n minimale fooi. Advertensiekoste sal afhang van die tipe advertensie – 'n grafiese advertensie, byvoorbeeld, sal duurder wees as 'n advertensie wat net uit teks bestaan. Die Sakenetwerk werk op dieselfde beginsel.

Oudmaties sal ook uitvind op watter wyses hulle steeds hul *alma mater* kan ondersteun – finansiël en andersins, deur middel van skenkings, die beskikbaarstelling van beurse, die ondersteuning van gemeenskapsprojekte of deur mentorskappe aan huidige studente.

Die proses van finansiële skenkings aan die Universiteit word vergemaklik met 'n veilige aanlyntransaksie. Mnr Ralph Pina, direkteur IT: eBesigheid, sê die portaal-tegnologie (die infrastruktuur waarop hierdie webportaal gebou is) is geïntegreer met 'n applikasie van 'n eksterne maatskappy om hierdie veilige omgewing te skep. "Oudmaties kan dus sonder enige moeite en met 'n veilige transaksie hulle bydrae tot die Universiteit lewer."

Oudmaties sal ook kan bydra deur saam te skryf aan *Matieland* se geskiedenis in "In My Dae" waar hulle hul eie kampusstorie kan vertel. "Hierdie is my gunsteling nuutjie op die webruimte. Die persoonlike kontak van elkeen wat informeel saamgesels, sal die 'koue' webomgewing in 'n heerlike ervaring omskep", sê Esterhuizen. "Kom deel gerus jou storie. Ons wag om van jou te hoor!"

Matiesalumni.net is 'n verlengstuk van *Matieland* – 'n virtuele ruimte waar jy weer Matie-wees kan herleef, waar jy jou ookal bevind.

Die Universiteit nooi alle Oudmaties om die webruimte te besoek en só aktief deel te bly van die Universiteit. Hou gerus die pos dop vir jou persoonlike gebruikersnaam en wagwoord om toegang tot hierdie webportaal te verkry.

Maties vir altyd

Die plek van die 'GROOT NIKS...'

DEUR KOBUS VISAGIE

Wat is dit wat enige regdenkende mens vir die beste deel van die jaar met 'n groot, lomp en baie dors voertuig in die stadsverkeer laat aansukkel, net om vir 'n paar kosbare dae op 'n slag die veld te kan invaar?

Het dit te doen met die drang wat ons Suid-Afrikaners elke dan en wan beetpak om weg te breek van alles en almal wat jou stres-vlakke opjaag? Of is dit deel van daardie "amper"-fenomeen wat jy dikwels by 4x4-eienaars opmerk – soos in "amper" vasgesit in die modder, "amper" die Landy teen die skuinste gerol, "amper" nie Van Zylspas afgekom nie? Of daardie gevoel van opwinding wanneer jy op die randjie van die afgrond gaan draai – "amper", maar darem nie heeltemal nie – danksy daardie einste onvanpaste voertuig wat jy in die garage vertroetel?

Maar ná 'n onlangse baie besondere ervaring saam met 'n paar gesoute veldryers, verstaan ek waarom die meeste 4x4-eienaars hulle nie eers verwerdig om dié vraag te probeer antwoord nie. Dit was een van daardie ekskursies wat jou laat onthou dat jou verhouding met jou bankbestuurder (en nie met jou vrou nie!) 'n deurslaggewende rol kan speel in die verdediging van jou eer wanneer jy saam met die hardebaarde van 4x4 wil wegbreek!

Die geleentheid was 'n toer saam met die Oudmatie-veldryklub tot in die hart van een van Afrika se grootste wonders – die Namib-woestyn. In die manjifieke duine en bedrieglike los sand van hierdie reus wat deur die Namas die "Groot Niks" gedoop is, vervaag die argumente oor die waarde van aardse goed baie gou tot dat net die blywende indrukke van die grootsheid van die Skepping oorbly.

Aanvanklik het ek my voorberei soos vir

enige ander wegbreek-naweek. Maar vanneer die konvooi van 17 viertrekvoertuie die teerpad tussen Lüderitz en Aus by Koichab Af-draai verlaat en noord tussen die duine indraai, tref die werklikheid jou – hierdie is geen gewone 4x4 rit waarvoor die basiese veldry-vaardigheid genoeg gaan wees nie. Dis eerder 'n ekspedisie – 'n een-keer-in-'n-leef tyd ervaring oor ses dae en 661 km deur een van die mees verlate en onherbergsame gebiede in Afrika. 'n Avontuur wat ons deur die sogenaamde Sperrgebiet 2 tussen Lüderitz en Walvisbaai, voorheen bekend as "Diamond Area no 2", sou neem tot binne in die hart van die Namib-woestyn.

Voor ons vertrek uit Suid-Afrika is ons reeds ingelig oor die moets en die moenies van die ekspedisie.

Niks mag in die woestyn agterbly nie – nie eers spore nie. Roetes word versigtig gekies om nooit klipbeddings ("pebble beds") te kruis waar die wind nie die spore kan toewaaie nie. Op die duine self volg die voertuie mekaar in dieselfde twee spore om so min as moontlik skade aan die habitat aan te rig. "Daar is net drie reëls in die woestyn", het Jaques die eerste dag gesê, "en dit is: bly in die spore, bly in die spore en bly in die spore". In die Namib is spore selde nog ná 24 uur sigbaar omdat die wind gemiddeld 200 dae van die jaar waai. Dit dra daartoe by dat die Namib een van die koelste woestyne in die wêreld is.

Die roete deur die woestyn is uitdagend en die meeste van ons wat voorheen nog net – wettig of onwettig – op die Kaapse strande gery het, het aanvanklik baie gesukkel om ratverhoudings, snelheid en krag gebalanseer te kry.

Die geskiedenis van hierdie onherbergsame stuk aarde lê ingebed in die diamantgeskiedenis van Namibië. Diamante is teen 1909 in die

omgewing noord van Lüderitz ontdek. Ossewaens met spesiale breë wiele is as vervoermiddel gebruik en in 1912 is 'n treinspoortjie van Conception Bay tot by Conception Waters gebou. 'n 80 km lange waterpylyn is aangelê om die verskillende myndorpie te verbind.

Oral sien mens nog die stille getuienis van die harde, ongenaakbare leefwyse van die woestynmyners. Diamantopbrengste was egter maar klein en die mynaktiwiteite is mettertyd gestaak, hoewel daar nog tot in die vroeë jare sestig in die omgewing gemyn is.

Volgens oorlewering is talle Ovambo werkers op Swakopmund geregistreer en te voet die woestyn ingestuur om by die myndorpie te gaan werk – is die skedel en beendere wat sowat 'n kilometer van die kus oopgevaai lê dalk een van hierdie mense wat dit nie gemaak het nie? Wie sal weet...

Aan die einde van die ekspedisie is almal dit eens: niemand kan hierdie toer meemaak en die woestyn onaangeraak verlaat nie. Elkeen het sy of haar eie belewenis ervaar, op sy of haar eie manier die ongenaakbare woestyn en die geskiedenis van die mense wat hulle geluk hier kom soek het, beleef. Baie van ons moes inherente vrese oorkom – vrese vir hoogte, vrese vir afdraendes, vrese vir spoed, vrese vir slange en jakkalse, vrese vir "long drops", vrese vir sand in die hare en tande, vrese vir die brullende spore van die duine – vrese vir die onbekende.

Maar oor een ding stem almal saam: die Namas wat die Namib sy naam gegee het, het 'n bietjie te gou gepraat. Hierdie woestyn is alles behalwe 'n plek van Groot Niks...

♦ Meer inligting kan van Jurgens Schoeman by Alumnustoere, jurgens@telkomsa.net of 082 341 6733 verkry word.



Foto's: Kobus Visagie

Nog vroue in hoë poste aan die Universiteit aangestel

Vroue is steeds besig om in senior poste, wat tot nou toe nog aan die Universiteit tradisioneel deur mans bekleed is, aangestel te word – dit is duidelik dat 'n uitsluitlike manlike domein in die werksplek aan die Universiteit van Stellenbosch beslis iets van die verlede is...



Elna Mouton



Petra Engelbrecht



Brenda Leibowitz



Susan van der Merwe



Laetitia Snyman

Sedert die vorige uitgawe van *Matieland* einde verlede jaar is ses vroue in senior posisies aangestel. Prof Elna Mouton het geskiedenis gemaak deur die eerste vrou te word wat as dekaan van die Fakulteit Teologie aangestel is; prof Petra Engelbrecht is nou direkteur: Navorsing (Geesteswetenskappe), dr Brenda Leibowitz is die nuwe direkteur van die Sentrum vir Onderrig en Leer, me Susan van der Merwe is aangestel as hoof van Bemaking en Kommunikasie, me Laetitia Snyman, gewese lid van die Universiteitsraad, is die nuwe ombudsman en die digter en joernalis Antjie Krog is nou lid van die US-raad.

ELNA MOUTON is die eerste vrou in Suid-Afrika wat dekaan van 'n teologie-fakulteit aan 'n universiteit word. Wat haar aanstelling nog meer geskiedkundig maak, is die feit dat sy in 2000 die eerste vrou in meer as 140 jaar geword het wat hier as heeltydse dosent in die Fakulteit Teologie aangestel is. Sy het hier en ook aan die UPE en die UWK gestudeer en was o.m. tien jaar dosent in Nuwe Testament aan die UPE.

PETRA ENGELBRECHT is sedert 1996 hier in diens en was voor haar jongste aanstelling voorsitter van die Departement Opvoedkundige Sielkunde. Sy is 'n aktiewe navorser en beywer haar sterk vir die skep en uitbreiding van geleenthede vir alle vroue in die Hoër Onderwys.

BRENDA LEIBOWITZ is sedert einde verlede jaar direkteur van die Sentrum vir Onderrig en Leer. Sy het aan Ikeys, Wits en die Universiteit van Sheffield in Engeland gestudeer en was voor haar aanstelling hier hoof van die direktoraat Ras en Waardes in Onderwys in die Departement van Nasionale Opvoeding in Pretoria.

SUSAN VAN DER MERWE, nuwe hoof van Bemaking en Kommunikasie, is 'n deurwinterde joernalis (toe was haar van nog Rabbets) en het ook gewerk by SA Nasionale Parke in Pretoria, Kaapse Natuurbewaring (as kommunikasiebeampte) en was hoof van openbare betrekkinge by die Landbounavorsingsraad Infruitec-Nietvoorbij. Sy het in 1981 HonsB(joernalistiek) *cum laude* hier verwerf.

LAETITIA SNYMAN het by prof Jaap Durand oorgeneem as ombudsman (sy verkies dié benaming en nie ombudspersoon nie). Sy was lid van die US-raad en is die voormalige hoof van Rhenish Girls High op Stellenbosch. Snyman is bekend vir haar ewewigtige standpunte en is 'n onverskrokke beyweraar vir reg en geregtigheid.

ANTJIE KROG, bekende digter, skrywer, vertaler en joernalis, is deur die minister van Onderwys in die US-raad aangestel – lees meer op bl. 7 hieroor.

ANDER vroue wat in die jongste verlede in senior poste aangestel is en waaroor in onlangse uitgawes van *Matieland* verslag gedoen is, is onder andere:

- Prof Liesbet Botha, bestuurder: Innovasie (sy is ook lid van die Bestuur van die US)
- Dr Christa van Louw, koördineerder: Diversiteit
- Me Lazelle Bonthuys, adjunkregistrateur (algemeen)
- Dr Edna van Harte, uitvoerende assistent van die rektor

Nuwe gebou by Kweekskool binnekort klaar

Een van die oudste geskrewe dokumente in Suid-Afrika gaan hier bewaar word

Nuwe uitbreidings van byna R7 miljoen by die Kweekskool nader nou voltooiing. Dit sluit onder meer kantore, 'n kerkargief en 'n kapel vir aanbidding in.

Een van die oudste geskrewe dokumente in Suid-Afrika, 'n notuleboek van die Kaapse kerk, wat dateer vanaf 1665 tot 1694, is deel van die versameling wat in die kerkargief in die nuwe gebou bewaar gaan word.

Hierdie notuleboek is deel van NG Kerk se argiefversameling in Kaapstad wat na die nuwe gebou op Stellenbosch verskuif gaan word – saam met die argiefversameling van die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK).

Ook die NG Kerk se argiefversameling uit Pretoria gaan in die nuwe gebou op Stellenbosch gehuisves word. Die Kaapse argiefversamelings sluit die versamelings van die huidige sinodes van die Wes-, Oos- en Noord-Kaap in. Die versameling uit Pretoria sluit dié in van die voormalige Transvaalse sinodes.

VGK se versameling

Die VGK-versameling sluit die volledige argief in van die eertydse NG sendingkerk en NG Kerk in Afrika wat later saam die huidige VGK geword het. Die Kaapse en Transvaalse versamelings bevat ook die NG Kerk se argiewe oor kerke wat in Zambië, Malawi en Mosambiek ontstaan het.

Hoewel die US se Fakulteit Teologie dekades al in die Kweekskoolgebou gesetel is, behoort dié geskiedkundige gebou en terrein aan die NG Kerk, wat die nuwe gebou hier laat oprig.

Dit word bekostig uit die onlangse verkoop van die kerk se kantoorkompleks en sinodesaal naby die Kompanjijestuin in die Kaapse middestad, wat onder meer die "Kaaplandse" NG Kerk se argief gehuisves het. Die "Transvaalse" NG Kerk-argief was in Pretoria in 'n gebou van die kerk wat ook onlangs verkoop is.

Nadat besluit is om die Kaapse NG kerkargief Stellenbosch toe te skuif omdat dit as studiemateriaal by die Kweekskool aansluit, het die kerk in die noorde besluit om ook die argiefversameling uit Pretoria hierheen te verskuif. Dr Johan Froneman, argivaris van die kerk in Pretoria, word die argivaris vir die gesamentlike versameling in die nuwe gebou op Stellenbosch.

Ander denominasies

Voorheen was die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch slegs vir NG leraars, maar sedert 2000 word predikante van die Verenigende Gereformeerde Kerk en ander denominasies ook hier opgelei.

Die nuwe dreevlak-gebou is langs die Eersterivier, suid van die huidige Kweekskoolkompleks. Die bouwerk het in November vertede jaar begin en behoort teen 12 Julie voltooi te wees, sê dr Thys Smith, die Weskaapse NG Kerk se predikant in sinodale diens belas met teologiese opleiding. Sy kantoor is in die Kweekskool en hy is verantwoordelik vir die bouprojek.

Twee vlakke van die gebou word spesiaal ingerig om die argiefmateriaal veilig te huisves. In die kapel gaan daar vir sowat 70 mense sitplek wees. Dit sal dien as spesiale aanbiddingsplek by die Kweekskool en kan onder meer ook vir studente se preekopleiding gebruik word.

Die grootste deel van die gebou sal uit kantore bestaan, onder meer vir personeellede van die fakulteit se Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding en Navorsing (Buvton).

Sensitiwiteit van terrein

Smith sê spesiale moeite is gedoen om die sensitiwiteit van die bousterrein in ag te neem. Dié gebou en terrein het 'n belangrike rol gespeel – nie net in die geskiedenis van teologiese opleiding nie, maar ook in die Universiteit se vroeë ontstaansgeskiedenis én terug tot by die aanlê van Stellenbosch as Westerse nedersetting sedert 1679.

Die nuwe gebou is met twee meter oos geskuif om 'n mooi, ou eikeboom op die terrein te behou, vertel Smith. Voordat die bouwerk kon begin, is 'n deeglike argeologiese evaluering van die geskiedkundige terrein gedoen om te verseker dat die gebou nie staangemaak word waar argeologiese fondse nog opgegrawe kan word nie. Hopelik gaan daar een of ander tyd in die toekoms met argeologiese opgrawings langs die Kweekskoolgeboue begin word.

"As eienaar van dié terrein en van die geskiedkundige Kweekskoolgebou aan Dorpstraat is die kerk baie bewus van die belangrike rol wat dit as toeristebate vir Stellenbosch beteken," sê Smith.

Rare honour befalls Old Matie theologian

Pieter Verhoef



Verhoef word 90, word bekroon, verjaar en doop

Die tyd tussen 21 en 25 April vanjaar was in 'n dubbele sin vir prof Pieter Verhoef, vroeër 30 jaar aan die Kweekskool verbonde, 'n feesgeleentheid.

Op 21 April word 'n eredoktorsgraad (saam met die bekende prof Willie Jonker) in die Teologie deur die Universiteit van die Vrystaat aan hom verleen, op 24 April reël sy dogters op Meyerton in Gauteng 'n familiesaamtrek om sy 90ste verjaardag te vier, en op sy verjaardag - 25 April - doop hy sy derde agterkleinkind met die pragtige naam Katja. Met 'n vorige toekenningsgeleentheid het 'n goeie vriend vir hom gesê dat 'n eredoktorsgraad 'n 'gereformeerde graad' is: nie uit verdienste nie!

Hy beaam dit graag: dit is uit genade. Die Skepper, sê hy, het bepaal hoe hy sy pad geloop het (Spr 16:9), het hom by allerlei funksies betrek soos Bybelvertaling en die werk van kerklike kommissies - almal redes wat vir die verlening van die eregraad vermeld is.

Hy beveel graag aan dat almal moet probeer om 90 te word ...die gelukwensing en geskenke (!) van familie en vriende was oorweldigend!

The Old Matie theologian J Wentzel van Huyssteen, professor at the Princeton Theological Seminary in the USA, is the first South African to deliver the famous Gifford lecture series at the University of Edinburgh in Scotland.

The series was initiated in 1887 to expose the Scottish public to the most authoritative knowledge in various sciences. Renowned scholars such as William James, Albert Schweitzer, Reinhold Niebuhr, Niels Bohr, Arnold Toynbee, Rudolf Bultmann, Iris Murdoch and Paul Ricoeur had previously presented these lectures.

Van Huyssteen's series of six lectures, delivered from 26 April till 6 May this year, carried the theme *Alone in the world? Science and Theology on Human Uniqueness*. He is a specialist in the dialogue between theology and science, his particular area of interest being religious and scientific epistemology.

The lecture series is a highlight of Van Huyssteen's remarkable career.

He studied theology and philosophy here, after which he obtained a DTh in philosophical theology at the Vrije University of Amsterdam. Between 1972 and 1991 he was professor and head of the Department of Biblical Studies at the University of Port Elizabeth. In 1992 he accepted an appointment at the Princeton Theological Seminary in New Jersey, USA, to become the first James I McCord professor of theology and science.

Van Huyssteen has published widely and has received several awards for his work. These include three sought-after Templeton awards



Prof Wentzel van Huyssteen takes his place among illustrious scholars.

for his pioneering work in theology and science at Princeton.

He serves on various international theological forums, among which as advisor for the John Templeton Foundation and as foundation member of the International Society of Science and Religion.

He and his wife, Hester, who also studied here, have four children. Their home in Princeton has often been a welcome refuge for visitors and friends from South Africa.

"What is wonderful is that various friends, family members and ex Maties from England, France, the USA and South Africa attended my lectures in Edinburgh," says Van Huyssteen.

The titles of his six Gifford lectures were:

Human uniqueness as an interdisciplinary problem, Human uniqueness and cognitive evolution, Human uniqueness and the image of God, Human uniqueness and human origins, Human uniqueness and symbolisation, and Human uniqueness in science and theology.

• In 2000 Macmillan Publishers in New York invited Van Huyssteen to become editor-in-chief of the *Encyclopaedia for Religion and Science*. Soon after its appearance in May 2003, Van Huyssteen, who happened to be in South Africa at the time, presented the two-volume interdisciplinary tome to the Stellenbosch University library - making this library the first in the world to have this exceptional work on its shelf.

Die boek waarvoor SA se rugbypubliek lank gewag het

Dis ongetwyfeld die boek waarvoor Suid-Afrika se rugbygeesdriftiges gewag het. 'n Biografie, eintlik 'n koffietafel-rugbybiografie, oor Mannetjies Roux – die meester van die individuele spel, 'n rugbylegende wat reeds 34 jaar gelede uitgetree het, maar steeds openbare besit is. Sy onvergeetlikhede op die rugbyveld het geslagte bygebly, 'n speler oor wie wyle Dok Craven gesê het: "Met Mannetjies Roux in jou span kan jy die wêreld verower."

Groete van Mannetjies Roux deur Jan Snyman, bekende TV en radio sportkommentator van enkele jare gelede, is pas deur die Universiteit se eie uitgewery, AFRICAN SUN MeDIA uitgegee en alles dui reeds daarop dat dit 'n enorme treffer gaan wees.

Hierdie koffietafel-boek, ryklik geïllustreer en keurig en uitsonderlik uitgelê, kom in 'n tyd waar daar 'n groot tekort aan rolmodelle in SA rugby is. Vir die ontnoedigde en platgeslane rugby-entoesias sal die lees hiervan 'n hemelse ervaring wees... die storie van 'n speler wie se unieke briljantheid verantwoordelik was vir 'n onvergeetlike stuk Suid-Afrikaanse rugbygeskiedenis. Mannetjies Roux is meer as 'n rugbylegende – veral in hierdie maer jare van SA rugby is hy vir almal wat dié spel liefhet 'n herinnering en 'n hunkering na alles wat opwindend, verrassend, onvoorspelbaar, uniek en heerlik in rugby is.


Groete van Mannetjies Roux deur Jan

Snyman kos R150,00 en kan bestel word by African Sun Media. Skakel (021) 808 2610.

• AFRICAN SUN MeDIA het op 1 Maart 2003 sy deure vir dosente, studente, skrywers en ander belangstellendes geopen en 'n bestaan as suksesvolle uitgewery begin. Die projek het daarin geslaag om binne maande, en met 'n span van slegs drie personelede wat later vier geword het, naam te maak as volwaardige uitgewery. Suksesvolle publikasies sluit akademiese titels in deur dosente aan die Universiteit, sowel as titels deur ander akademiese oor 'n verskeidenheid vakrigtings, onder meer Teologie, Regte en Openbare Bestuur. Verskeie algemene publikasies het ook reeds verskyn wat benewens suksesvolle titels soos *Groete van Mannetjies Roux* ook *Die Omstrede God* (wat sy oorsprong in 'n LitNet-debat gehad het en saamgestel is deur Etienne van Heerden, Thomas Mollett en Erns Grundling) insluit. Vir sy tweede bestaanjaar



Jan Snyman, skrywer van 'Groete van Mannetjies Roux' en Justa Niemand, hoof van African Sun Media wat die boek uitgee.



beplan AFRICAN SUN MeDIA verskeie interessante publikasies, waaronder 'n gedenk-bundel oor die lewe en werk van Koos du Plessis wat gedigte, liedjies, akkoorde en selfs voorheen ongepubliseerde werk insluit. Belangstellendes word genooi om die webwerf en -winkel te besoek by www.africansunmedia.co.za, www.sun-e-shop.co.za

Carina verwerf roem met 'ongewone' rekords

Carina Bruwer, oudstudent van Stellenbosch, het onlangs die Matie-tradisie van eerste wees op unieke wyse voortgesit en terselfdertyd feitlik oomag landswyse bekendheid verwerf.

Dié 24-jarige vrou, wat spog met HonsBMus (cum laude) en boonop 'n gewilde dwarsfluit-solospeler is, het die eerste vrou geword om om Kaappunt te swem en presies 'n maand later ook die eerste Suid-Afrikaner wat om die suidpunt van Afrika by Agulhas geswem het – albei pogings het rekordtye opgelewer.

Die swemtog van bykans 12 km om Kaap Agulhas, wat haar 2 uur en 16 minute geneem het, het haar ook die eerste ontvanger van die SuperSport-kampioen van kampioene-toekenning gemaak.

Maar Carina is ook 'n konsert fluitis en doen vryskutwerk – so was sy bv. betrokke by die musiekspel *Phantom of the Opera* in Kaapstad. Haar suksesvolle solovertoning, *Flute for Thought* wat onlangs in die Baxter-teater in Kaapstad uitgevoer is, spreek tot 'n

baie wye gehoor omdat dit klassieke musiek, asook jazz en Latyns-Amerikaanse musiek bevat; dit is uiters virtuoos, maar terselfdertyd is die musiek toeganklik en die aanbidding sensueel.

Oor haar swemprestaties is hierdie Oudmatie wat van 1998 tot 2002 heeltjyds musiekstudent was, erg beskeie. Sy sê sy is nie die beste swemmer nie... "ek het maar van kleinsaf daarvan gehou, maar ek was nooit behoorlik fiks nie – tot ek op Maties gekom het. Ek het die oopsee-swemtogte aangepak omdat ek nooit vir 'n uitdaging terugdeins nie."

Haar sukses skryf sy grotendeels toe aan Peter Bales van Kaapstad se aanmoediging. Hy was die eerste Suid-Afrikaner wat oor die Engelse kanaal geswem het – in 1961.

En waarheen mik Carina nou?

Sy stel dit so: "Ons het groot planne. Ons dink aan 'n Swem-om-Afrika-veldtog vir my en het verskeie punte op dié vasteland geïdentifiseer waar ek swemtogte wil aanpak. Miskien, afhangende van borgskappe, e.d.m. probeer ek een van die dae die Straat van Gibraltar en dan sal ek ook die Rooisee wil aandurf."

Daar is duidelik geen keer aan hierdie dinamiese "mens vir alle seisoene" Oudmatie nie ...

Foto: Roger Sedres van Rapport



Johann de Villiers word dekaan van grootste fakulteit

Die nuwe dekaan van Maties se grootste fakulteit, die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, is ook 'n gekwalifiseerde chemiese ingenieur. Prof Johann de Villiers, wat sedert Januarie verlede jaar waarnemende dekaan was, is onlangs as dekaan aangestel in die plek van prof Estian Calitz wat uitvoerende direkteur finansies geword het.

De Villiers het aanvanklik in die ingenieurswese begin studeer en hier die graad BIng(Chemies) verwerf voordat hy in 1980 'n MBA ingepalm het. Dit is opgevolg met 'n doktorsgraad in Bedryfsekonomie aan Wits, asook 'n CFA (Chartered Financial Analyst) in die VSA. Hy het in sy loopbaan reeds verskeie poste beklee, o.m. in navorsingswerk aan verskeie instansies en lektor in Bedryfsekonomie aan Wits. Hy was ook professor in dié vakgebied aan Wits. In Mei 1997 word hy hier hoogleraar in Ondernemingsbestuur en vier jaar later departementele voorsitter. In 2002 word hy mededekaan van die fakulteit en sedert Januarie 2003 is hy waarnemende dekaan.

De Villiers meen sy grootste drie uitdagings is onderrig, navorsing en posisionering in die hedendaagse Suid-Afrika. Hy sê: "As dekaan is dit belangrik om te help verseker dat akademiese reputasie op die lang termyn gebou word. Die dekaan moet veral help om omstandighede te skep vir akademiese om te kan presteer en bou aan 'n intellektueel opwindende omgewing waarin ons sal wegkyk van die ongelukkig noodwendige sweet-van-ons-aansyn sleur van werk na die opwinding van oorspronklike intellektuele bydraes."



Johann de Villiers

Mohamed Shaikh nou by US

'n Bekende en ervare mediapersoon is tans verantwoordelik vir die Universiteit se oorhoofse interne en eksteme strategiese kommunikasie. Mnr Mohamed Shaikh, 'n oudstudent van die UWK en die US, is begin vanjaar in die nuwe pos van koördineerder: strategiese kommunikasie aangestel.

Shaikh het voorgaads aan die UWK gestudeer en in 1986 hier 'n meestersgraad in Joernalistiek met lof behaal. Die akademiese sfeer is nie vir hom vreemde terrein nie – hy was dosent in Mediasosiologie en later direkteur: eksteme kommunikasie aan die Pretoriase Technikon. Hy het ook sy spore in die mediawêreld verdien, o.m. as joernalis by *Rapport*, nuusleser en programvervaardiger by die SABC, kommunikasie- en kliëntediensbestuurder by verskeie maatskappye, stasiebestuurder van RSG en Jakaranda 94,2FM en as 'n senior assistentredakteur van *Die Burger*. Onderwyl hy in diens van die SABC was, is hy twee keer vir 'n Artes-toekenning benoem en hy het 'n groot rol gespeel in die suksesvolle herposisionering van Afrikaans Stereo na Radio Sonder Grense. Met die vestiging van Jakaranda 94,2FM as markleier in die ACR-formaat (Adult Contemporary Radio) in Gauteng het hy ook 'n groot aandeel gehad. By *Die Burger* was hy onder meer verantwoordelik vir personeelontwikkeling.




Mohamed Shaikh

Willem Botha is WAT se nuwe hoofredakteur

Dr Willem Botha is die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) se nuwe hoofredakteur. Hy is die sesde hoofredakteur sedert die WAT in 1926 gestig is.

Botha, 'n oudleerling van Paul Roos Gimnasium, het verlede jaar sy doktorsgraad in Leksikografie hier onder prof Rufus Gouws se studieleiding in die Departement Afrikaans en Nederlands verwerf. Hy het as hoofredakteur by dr Dirk van Schalkwyk, wat afgetree het, oorgeneem. Hy is sedert 1988 aan die Buro van die WAT verbonde en het in 2003 hier gepromoveer met 'n proefskrif getiteld *Die impak van die leksikografieteorie op die samestelling van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal* – hierin word o.m. aangedui hoe die Woordeboek op die voorpunt van die internasionale leksikografie kan bly. Sedert 1991 refereer en publiseer hy gereeld op nasionale en internasionale vlak. Hy het reeds in onder meer Finland, Nederland en Duitsland opgetree.



Willem Botha

'Withuis' vereer oudkelner

Simonsberg (die Withuis) het sy eetsaal vernoem na "Chief" Elliot Molefe wat tot 1996 meer as 34 jaar hier as kelner "geregeer" het. Hy is in Augustus 2002 oorlede.

"Die huiskomitee lede het daarna spontaan besluit om Chief se nagedagtenis met dié vernoeming te huldig," sê prof Danie Schreuder, die inwonende hoof, wat saam met Molefe se seun, Lefton, die nuwe naam tydens 'n middagete in die koshuis onthul het. Molefe jr, wat by Distell op Stellenbosch werk, het vertel dat hulle ses kinders is, wat "almal aan die Universiteit Stellenbosch grootgeword het."

Schreuder sê toe hy self vir die eerste keer as jong student in Simonsberg aangekom het, was hy soos baie wittes destyds agterdogtig teenoor swart mense. "Dis mos hoe baie van ons destyds grootgeword het. Maar met sy warm, vriendelike geaardheid het Chief Molefe baie gou dié agterdog by my afgebreek".

Chief ('n ere naam wat die Simonsbergers jare gelede aan hom gegee het) het as Sothosprekende uit die Vrystaat Stellenbosch toe gekom. Sy vrou, Elina, is in 1991 oorlede. Lefton Molefe sê sy pa het twee dekades lank met 'n fiets rondgery tot hy in die vroeë jare tagtig 'n eie motor kon bekostig.

In die Simonsberg-eetsaal hang 'n kleurfoto van Elliot Molefe, met sy Simonsberg-lyfserp wat hy as hoofkelner gedra het. Op 'n plakket onder die foto word hy gehuldig vir sy lojaliteit, liefde en trots teenoor Simonsberg.

Simonsberg is die derde Matie-koshuis om 'n eetsaal na 'n oudkelner te vernoem. Die mans van Dagbreek het in 1989 hul eetsaal na Bethuel Sibuta vernoem en die manskoshuis Huis Visser s'n is in 1995 vernoem na Richard Zide, wat toe afgetree het nadat hy vyftig jaar daar gewerk het. Huis Visser, bekend as die Snoeke, het Zwide (wat einde verlede jaar op Stellenbosch oorlede is) die ere naam "Oupa Snoek" gegee.



Mnr Lefton Molefe, seun van wyle Chief Molefe, wys na 'n kleurfoto van sy vader met sy Simonsberg-lyfserp wat hy as hoofkelner gedra het. Op die plakket onder die foto word Chief gehuldig vir sy trou, liefde en trots teenoor Simonsberg.

IN MEMORIAM

Matieland het met leedwese verneem van die heengaan van die volgende Oudmaties, personeellede en oudpersoneellede:



Jan Bezuidenhout

Johan le Roux

Adri van der Walt

Bok Wasserman

Richard Zide

AM (ANNA) BASSEL (90) van Woodlands Park, Rondebosch; oudinwoner van Harmonie; BA in 1933.

JH (OOM JAN) BASSON (96) van Silverton, vroeër Pretoria; oudinwoner van Victoriahuis (PSO); BSc in 1929; hy was vir 27 jaar hoofsekretaris van die Vereniging van Staatsamptenare; het gedien in onder meer die

Adviserende Verbruikersraad; was 'n stigterslid van die Afrikaanse Kultuurraad van Pretoria; het amateurtoneel gespeel en was die voorsitter van die Volksteater.

JC (PIET) BOSCH (50) van Roodepoort; oudinwoner van Dagbreek; BIng in 1976; was besturende direkteur van CA du Toit (Edms) Bpk.

Lt-kol (DR) JGH (JAN) BEZUIDENHOUT (51) van Vredenburg; oudinwoner van Dagbreek; BSc in 1975, HOD in 1977 en 'n doktorsgraad in wiskunde in 1998; hy was 'n onderwyser aan die Hoërskool Vredenburg voordat hy by die Militêre Akademie op Saldanha aangesluit het; was sekundesdekaan van die Fakulteit Krygskunde.

Dr ND (NORMAN) FOX (44) van Malmesbury; MB, ChB in 1984; in 1999 het hy 'n LLB aan Unisa verwerf; hy het in Windhoek, Port Elizabeth, Malmesbury en Atlantis (tot sy afsterwe) gewerk.

DJ (DANIE) GREYLING (83) van Faerie Glen; oudinwoner van Wilgenhof; BComm in 1940.

JJ (JURGENS) HANEKOM (84) van Durbanville; BA (Maatskaplike Werk) in 1946; was tot 1983 direkteur van die voormalige Christelike Maatskaplike Rade (nou Badisa) van die Wes-Kaapse NG Kerk; hy was ook betrokke by onder meer Die Burgerkersfonds, die Wes-Kaaplandse Jeugtrust en die Rapportryers.

AE (ALIDA) HOLDSTOCK (71) van Abcoude naby Amsterdam in Nederland; BEd in 1959.

Dr BF (BRIAN) KENSLEY (59) van Washington DC; MSc in 1970; hy het gewerk by die Suid-Afrikaanse Museum en ook by die Soölogie-departement van die Smithsonian Institute in Washington.

Dr PF (FRANCOIS) LA GRANGE (44) van George; oudinwoner van Wilgenhof; BSc (Chemie) in 1984, HonsBSc (Farmakologie) in 1989, MB, ChB in 1994 en Fellowship of the College of Medicine (Orthopaedic Surgeons) in 2001; het vir Maties rugby gespeel; in 1992 was hy lid van die Studenteraad (Tygerberg-kampus); ten tye van sy dood was hy hoof van Ortopedie by die George-hospitaal.

Prof JA (JOHAN) LE ROUX (67) van Stellenbosch; BA cum laude in 1962, HonsBA cum laude in 1964, MA cum laude in 1965 en DPhil in 1974; in 1966 word hy aangestel as hoof van die destydse skoolkliniek in Port Elizabeth; sedert 1968 tot met sy aftrede in 1996 was hy dosent hier in die Dept Sielkunde, waar hy ook verskeie jare die voorsitter was; in 1979 word hy professor in Voorligtingsielkunde hier.

GIDEON LOUW (73) van Kaapstad; hy het 'n doktorsgraad aan die Cornell Universiteit behaal; hy het die Louw-leerstoel in Soölogie hier beklee en was later hoof van die Soölogie-departement van die Universiteit van Kaapstad; hy was 'n kundige op die fisiologie van landdiere en het ook meer as 90

wetenskaplike artikels en vier boeke gepubliseer; hy is met talle toekennings bekroon, onder meer die Havenga-prys van die Akademie vir Wetenskap en Kuns.

CA (CATHARINA) MOUTON (58) van Stellenbosch; oudinwoner van Huis ten Bosch; BSc in 1966 en SOD in 1967.

ELBIE NIEUWOUTD van Strand; gebore Kirchner; oudinwoner van Huis ten Bosch; BComm in 1949; sy was sekretaresse-navorser aan die Buro vir Ekonomiese Onderzoek hier.

RM (RACHEL) REED (61) van Kadoma, Zimbabwe; gebore Van der Merwe; oudinwoner van Huis de Villiers; BA in 1965 en SOD (nagraads) in 1965.

ED (ENID) RUTHFORD (27) van Pniel; BEcon in 1997 en HonsBEcon in 1998.

Prof GJ (GERT) SMIT (69) van Pretoria; MA in Sielkunde cum laude in 1958 en 'n doktorsgraad in 1972; hy was sedert 1960 verbonde aan die Universiteit Pretoria se Departement Sielkunde.

ERICA SMIT (64) van Pretoria; gebore Botha; BMus hier verwerf.

PCF (PETER) SMIT (54) van Rondebosch; oudinwoner van Simonsberg en Majuba; BComm in 1970 en LLB in 1972; was 'n bestuurskomiteelid van Celtic Harriers; was ook 'n rugbyskeidsregter en voorsitter van die dissiplinêre komitee van die Westelike Provinsie Rugby Skeidsregtersvereniging.

Prof JJA (ADRI) VAN DER WALT (65) van Kleinmond; het aan die Universiteit van Pretoria BSc in Plant- en Dierkunde behaal, asook HOD, MSc, BEd en (in 1971) DSc; was Biologie-onderwyser in die destydse Transvaal en Plantkundedosent aan die Universiteit van Zoeloeland voordat hy in 1969 hier aangestel is; hy het in 1979 professor in Plantkunde geword; hy was ook hoof van die Universiteit se Botaniese Tuin. Hy sal onthou word vir sy navorsing oor die *Pelargonium*-soorte (malvas) en vir sy boeiende lesings oor dié plantgroep voor talryke verenigings en belangstellende groepe. Sy monument is die drie volumes van *Pelargoniums of Southern Africa*. Baie van sy studente het betekenisvolle

rolle in die plantkundewêreld; het tydens vele reise in die buiteland 'n wye kring vriende en wetenskaplike medewerkers opgebou; onder die talle toekennings wat hy deur die jare ontvang het, is die SA Akademie se Havenga-prys vir Biologiese Wetenskappe.

MM (MARTHA) VAN ZYL (50) van Swellendam; gebore Visser; oudinwoner en huiskomiteelid van Heemstede; BA in 1974 en SOD in 1974; was 'n onderwyser op Porterville en Springbok; in 1991 het sy in haar op Swellendam gevestig en daar burge-meester geword.

MJ (MARA) VIJJOEN (67) van Silverton; gebore Bester; oudinwoner van Lydia; Diploma in Huishoudkunde in 1957; het skeikundige werk gedoen aan die Grootfontein Landboukollege op Middelburg en was ook onderwyser aan JG Meiring in Goodwood en Hoërskool Ficksburg.

Prof HP (BOK) WASSERMANN (74) van Bellville; MMed in 1960 en MD in 1961; swot medies aan die Universiteit van Pretoria; in 1956 is hy hier aangestel as kliniese assistent in die Departement Interne Geneeskunde; hy was 36 jaar aan die Fakulteit Geneeskunde verbonde en was ten tye van sy aftrede in 1992 dekaan van die Fakulteit - 'n amp wat hy vir nege jaar beklee het; na sy aftrede het hy weer betrokke geraak by kliniese geneeskunde deur deeltjyds te werk by Tygerberg-hospitaal; hy was die skrywer van die boek *Die Bybel en die Geneeskunde*, asook 70 wetenskaplike publikasies en ses handboeke; sy bydraes deur die jare tot die geneeskunde is bekroon deur verskeie toekennings, onder meer die Havenga-prys vir geneeskunde in 1970 en 'n bronsmedalje vir buitengewone diens van die Federale Raad van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika in 1988.

RICHARD ZIDE (79) van Stellenbosch; het in 1945 hier begin werk en was 'n ongeëwenaarde 50 jaar in diens tot met sy aftrede in 1995; was onder die studente bekend as 'Oupa Snoek'; het onder meer in Huis Visser, Dagbreek en Huis Marais gewerk; met sy aftrede het die inwoners van Huis Visser hulle eetsaal na hom vernoem; sy een seun, dr Gordon Zide, is hoof van menslike hulpbronne aan die UPE.

A Matie goes walking with fish

Kevin Costner might have been Dancing With Wolves, but Matie graduate, Etienne Hinrichsen, and grape-producer-cum-fish-farmer, Francois Claassen, of the De Rust Grass Carp Hatchery in Bonnievale, go walking with fish. Aquaculture journalist, STEVE McVEIGH, visited these gentlemen who have been successful in producing sterile grass carp on a commercial scale, to find out just what this 'walking with fish' thing was all about...



Etienne Hinrichsen with a female grass carp

Grass carp are hardy herbivorous fish that are capable of removing large quantities of invasive aquatic plants in farm - and irrigation dams, explains Hinrichsen. They have been used for aquatic vegetation control for quite a few years but conservation laws now prevent the breeding and stocking of grass carp unless they are sterile. The main conservation concern is that grass carp will escape into the wild and overpopulate river systems, as has happened with a number of exotic species introduced into the country during the last century.

Thus far, mastering the techniques for the successful production of sterile grass carp in South Africa has been illusive. Hinrichsen, however, has taken up where others left off and has mastered the technique of producing sterile (triploid) fish rather than fertile (diploid) individuals. Fact is, it all starts when they go walking with their fish.

The muddy walkabout is a spring activity. The broodfish are kept in earth ponds over winter. "It is important that we walk among the fish," says Claassen. "We drop the water level in the earth ponds so the grass carp are semi exposed. By walking in the water with them we can visually select the best females for breeding and then net them individually causing them just the minimum of stress."

This whole grass carp matter started because Claassen had an aquatic weed pro-

blem on his own farm. He went looking for an environmentally friendly solution and discovered grass carp. He purchased a number of fish and soon found that other farmers with similar aquatic weed problems also showed an interest in obtaining these fish.


In the course of his endeavours he linked up with Etienne Hinrichsen from AquaEco - specialist aquaculture consultants. Hinrichsen knew grass carp fairly well as he had done some work on these fish during his time at Stellenbosch University where he graduated with a BScAgric in 1996. However, there was still much to learn and much to do to get the conditions at De Rust right for the species. They had to crack the techniques of broodfish conditioning, reproduction, the induction of sterility and the sterility verification process.

It took quite a few years to get these techniques just right, involving much research and trial-and-error, explains Hinrichsen. His determination resulted in the breakthrough which can be considered as a turning point in South Africa for grass carp availability and the control of aquatic vegetation. Finally the process had been perfected and De Rust now produces high quality sterile fish that are available to farm owners and managers in their struggle against aquatic weed problems.

But this is not the only project Hinrichsen has been involved with. He has maintained close contact with the Division of Aquaculture at Stellenbosch University and is currently completing a MPhil degree in which he is looking into national aquaculture policy matters. He is instrumental in aquaculture policy formulation in South Africa and Angola and is also involved as a consultant (through the company AquaEco) with various aquaculture initiatives from catfish farming to trout and even sturgeon farming. This has allowed him to become a forerunner in the field of aquaculture impacts, the management thereof, environmental regulations around aquaculture, assessments, feasibilities and the planning of aquaculture in general.

♦ Etienne Hinrichsen can be contacted on telephone 021 856 5277, fax 021 856 5277 or email aquaeco@telkomsa.net

illustration: sovetka bozha





Geoff's Handicraft

ARTISTS' EQUIPMENT

Primed canvas on stretcher frames

Primed canvas on box strainers


Various types of easels

We fit your canvas paintings to stretchers

Enquiries tel: (021) 794-6225




Hierdie titels en veel meer nou beskikbaar by www.sun-e-shop.co.za



Binnekort beskikbaar

KOOS DU PLESSIS - ERFDEEL

'n Koos du Plessis versamelbundel word binnekort by ASM vrygestel. Koos se twee digbundels en sy veeltal lirieke is ingesluit, asook 'n biografiese oorsig; die ontstaansgeskiedenis van vele van Koos se bekende lirieke; kitaardrukke vir die lirieke van die liedjies op sy vier albums – *Skadu's teen die muur*, *As almal ver is*, *Herbergier* en *Vierde Horizon*; asook ongepubliseerde foto's en minder bekende lirieke.




LONDON MADE SIMPLE

Thomas Mollett & Maryna Blomerus

Heathrow is not Bitterfontein station! Whether you're heading for London, or are already there, this book has all the information you need to have the best time and make the most of your stay in London.

This extremely practical guide covers every aspect of the London experience from start to finish!

R129,95




DIE OMSTREDE GOD

Bestaan God of nie?

Samestellers: Thomas Mollett, Erns Grundling & Etienne van Heerden

"Dis beter om te glo as om nie te glo nie," skryf ene Paul op 14 November 2002 niksvermoedend op die Internet-joernaal LitNet. Antwoord ene Godzilla: "Om te glo is oneerlik." En 'n onstuimige, soms woedende, soms luimige debat brand los. Hierdie boek is 'n keur daaruit.

R230,00



GROETE VAN MANNETJIES ROUX

Jan Snyman

Hierdie puik koffietafel rugbybiografie handel oor die legendariese Springbok-rugbyspeler, Mannetjies Roux. Geskryf deur Jan Snyman, die bekende TV en radio sport-kommentator sluit 'n groot versameling foto's uit Roux se lewe in.

R150,00




ETHICS AND PROFESSIONALISM

J.S.H. Gildenhuys

Ethics and Professionalism is essential equipment for fighting corruption in the public sector

A PowerPoint presentation of this title is also available for instructional purposes.
R259,00 (book)
R210,00 (PowerPoint CD)




THE PHILOSOPHY OF PUBLIC ADMINISTRATION

J.S.H. Gildenhuys

A user-friendly textbook and PowerPoint presentation for students and teachers.


R 360,00 (book)
R 200,00 (PowerPoint)



'N SKRYWER BY SONSOPKOMs

Om Hennie Aucamp te huldig op 'n leeftyd wat aldus nog altyd in die teken van die oggend staan, bring Lina Spies en Lucas Malan hier 'n sestigjarige essays, gedigte en geleentheidstukke oor die man en sy werk byeen.

R179,80



33 UITROETE

Etienne Britz

'n Lekker geskenkboek met skerp mini-essays uit Britz se gewilde koerant-rubriek.

R136,80




PUBLIC MANAGEMENT

William Fox, Erwin Schwella & Henry Wissink

This commissioned reprint was a result of interest in the title. A new edition of the title is therefore being prepared for release in 2005.

R220,00



THE EMERGING HOUSE OF HEALING

Kobus Swart

Kobus Swart, examines some of the common responses and offers some prophetic pointers to the emerging church of this third millennium.

R114,00



BIBLIOGRAPHY OF DUTCH AND AFRIKAANS HISTORICAL PUBLICATIONS IN SOUTH AFRICA 1875-1998

Compiled by: E.L.P. Stals & P.H. Kapp

R495,00

POWERPOINT PRESENTATION




BIOMATRIX

Elisabeth Dostal, Anacreon Cloete & György János

A systems approach to organisational and societal change.

R342,00



THE LIVING VOICE OF THE GOSPEL

Johan Cilliers

Revisiting the basic principles of preaching.

R215,00



In produksie

WETENSKAPLIKE SKRYFVAARDIGHEDE

A. Lourens & L. Bedeker

Riglyne vir die skryf van tesisse en proefskrifte.